- * Eljee Consultants (Pty) Ltd - office in RSA that financially administers all activities of fronts as well as civilian support for Pastoor activities.
- * Palmeira Import and Export Co - based in foreign company that manages all foreign deployments.

Budget for 1992/3 - R4 000 000,00 [This may not be total budget - rather budget that granted via Project Argitek to fund above front companies]

Further in a strongly worded letter dated 22 July 1993, VAdm Murray referred to 'screaming shortcomings' in management and control of finances in covert projects in the SA Army. He suggested 'a legion of examples' could be drawn from the experience of the CCB and Project Kampong and that all signs indicated that other projects had been managed in the same poor manner. These signs had been there for 3 years and yet it had still not been possible to get corrective action underway. His impression was that there was conscious procrastinating in setting corrective processes in motion.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

Endnote

This ends the 'Steyn file'. Steyn himself took early retirement in October 1993, at the age of 51. His last progress report submitted to the Minister of Defence had suggested that in relation to the investigations of the AG, he was of the opinion that the SAP were doing little to investigate properly the allegations raised in the staff report. Few, if any, of the suspects had been questioned and there had been little progress in gathering evidence. Clearly a conflict of interests existed and he further posed the question of whether it was fair to investigate only the operators and not those who had given orders.

With regard to the organisational restructuring of the military intelligence function, some measures had been implemented but there were still outstanding issues being followed up through the KIK with little visible success.

Further, it seemed as though financial accounting of covert operations was inadequate. In some cases it had not been possible to audit projects and thus the question remained: if one cannot account for financial aspects, can the operation itself be accountable?

The Goldstone investigation was continuing into those aspects that affected their mandate - eg train/ taxi killings. Although his team had worked with the Commission, there was mistrust on both sides. Cooperation with the Commission was perceived by some in the SADF to be a threat, while the Commission was suspicious of the lengthy time it took to get access to potential witnesses or evidence.

He concluded by saying that he was no longer directly part of the investigation and reiterated his belief that a coordinated investigation effort was needed if progress was to be made and that this was in the state's interests.

Appendix: List of additional names

- ♦ People who are working or have contact with DCC:
- ◊ JF (Rich) Verster alias Jessie Grant (business)
Involved in criminal activity
- ◊ Cmdt JA Nieuwoudt alias J Nel or J Buitendag (SADF, exCIS)
Possible smuggling; possible involvement in organisation of underground structure with eye to alternative structure.
- ◊ H van der Westhuizen alias H van der Walt (Business; ex-SADF AI)
Criminal activity; activities connected to violence.
- ◊ G Janse van Rensburg (Business, ex-NI) alias Steven van Lill
Possible involvement in smuggling
- ◊ Tony Oosthuizen alias Tobie Oosthuizen, alias Michael O'Kelly alias MJ Olivier (Business, ex-NI)
Said to be MI6 agent
- ◊ Maj AM van den Berg, SADF
Corruption; extra-marital affair
- ◊ GD Price alias A Wiltshire (business, ex Rhodesian)
Unsubstantiated allegation that MI6
- ◊ RI Wishart (business, exR)
As above
- ◊ Kdr HJM Widdowson (SADF)
Spying for foreign intelligence service
- ◊ Maj HD Terblanche
Smuggling
- ◊ Cmdt Stefan Snyders(SADF)
Smuggling
- ◊ Vernon Lange alias P Page (business, ex CCB)
Smuggling
- ◊ JG Nieuwoudt alias Neuman (ex CCB, possibly business)
Extra-marital affair
- ◊ JP du Preez alias J du Plooy (ex CCB, business)
Unlicensed weapons
- ◊ LA Maree (Chappies) alias Clive Pienaar (ex CCB, Business)
Ongoing contact with ex-CCB members
- ◊ Maj FL Smit (SADF)
Unsubstantiated allegations smuggling

- ◊ DH Fourie (Business, ex CCB - possibly operational manager)
Training; regular contact ex-CCB; arms deals
 - ◊ DF du Toit Burger (Staal) alias Bert alias Brummer (business, exCCB)
Extra-marital affair; smuggling; regular CCB contact.
 - ◊ WJ Basson alias WJ Bester alias M Barnard alias M Reyneke (business, ex CCB)
Regular contact ex-CCB; closely followed Webster investigation
 - ◊ Mev S de Beer (business, ex CCB)
No negative info known
 - ◊ Calla Botha (ex-CCB)
Contact with Rich Verster, member DCC but nature and scope of activities not known
 - ◊ Ferdi Barnard (ex CCB) alias Lanco Heins
Ex-DCC source but continued contact with DCC members; smuggling
 - ◊ Leon Flores (ex business)
Regular contact ex-CCB members as well as De Kock; probable smuggling;
possibly part of Vlakplaas still
- ♦ People outside SADF with potential hidden agendas and/or involved in activities connected to violence:
- ◊ Anthony James Christopher White (Ant) aliases - Anthony Greenstone, Anthony Greenwood, Anthony Greenway, James White, Abe White (probable exCCB)
 - ◊ Mike Drummond (probably ex CCB)
 - ◊ Joe Verster (exBSB, exSADF)
 - ◊ Glen Gorman (probably ex-CCB)
 - ◊ Eugene de Kock (SAP)
 - ◊ Kol Jan Breytenbach (exSADF)
 - ◊ AB Stander (Riaan) (probably CCB)
 - ◊ DH Fourie (DCC)
 - ◊ Vernon Lange (DCC)
 - ◊ JP Du Preez (DCC)
 - ◊ FL Smit (DCC)
 - ◊ Riaan Stander
- ♦ Other ex-CCB members or people with possible contact to CCB members
- ◊ Glen Gorman
 - ◊ Sers MT Nickedimus
 - ◊ Bruce Anderson
 - ◊ Riaan Botes
 - ◊ Eben Barlow
 - ◊ Craig Williamson
 - ◊ Tai Minnaar
 - ◊ Kol GP Otto
 - ◊ Piet Botha
 - ◊ 'Bones' Beneke
 - ◊ Mike Pholey
 - ◊ Charl Naude
 - ◊ Basil Liebenberg

KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA SEKERE BEWEERDE ONGERYMDHEDE
OOR LANDSGRENSE HEEN



DIE SG PALAZZOLO - DE PONTES AANGELEENTHEID

◊ Charlie Cruise



- ◊ Henk Coetzee
- ◊ Garth Barret
- ◊ Eugene Riley
- ◊ Al Burnett
- ◊ D Coetzee
- ◊ Jan van der Merwe
- ◊ Bones Boonzaaier
- ◊ Faan Gerber
- ◊ Johnny Pasch
- ◊ Buks Buys
- ◊ Roelf van Heerden
- ◊ Ian Strange
- ◊ Vossie Vorster
- ◊ Cloete van der Merwe
- ◊ Roes Terblanche
- ◊ Wessel Jordaan
- ◊ Jakes Richter
- ◊ Piet Swanepoel
- ◊ Sakkie van Zyl
- ◊ Rocky van Blerk
- ◊ Douw Grobelaar
- ◊ Cyril Smith
- ◊ Martin Korf
- ◊ Theuns Kruger
- ◊ Leon van Rensburg
- ◊ Willie van Deventer
- ◊ Pieter Botes
- ◊ Mev Soekie Claassen
- ◊ Struis Strydom
- ◊ Dave Scales
- ◊ Niel Kriel
- ◊ Cmdt Johan Theron
- ◊ Lukas Rautenbach
- ◊ Col HAP Potgieter
- ◊ Alet Deacon
- ◊ Trevor Floyd
- ◊ Roy Vermaak
- ◊ Kolle Olivier
- ◊ Danie Phaal
- ◊ Sven Smuts-Muller
- ◊ Sedge Dunning
- ◊ Bossie Boshof (Anton)
- ◊ Dap Maritz
- ◊ JC Erasmus
- ◊ Ralph Moore
- ◊ Steve Coccoft

KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA SEKERE BEWEERDE ONGERYMDHEDE
OOR LANDSGRENSE HEEN



DIE SG PALAZZOLO - DE PONTES AANGELEENTHEID

Die Staatspresident

Die Kommissie van Ondersoek na Sekere Beweerde Ongerymdhede oor Landsgrense Heen het die eer om die volgende verslag oor die sg Palazzolo - De Pontes aangeleentheid aan u voor te lê.

Geteken te ... *Rustenburg* op *29/11/88*

SAFIA
ARCHIVE FOR JUSTICE

South African History Archive • Since 1988

L T C Harms

L T C HARMS
VOORSITTER EN
ENIGSTE LID

INHOUDSOPGAVE

HOOFSTUK 1

A.	Inleiding	1 - 6
B.	Die persone betrokke	7 - 35
C.	Die volgorde van gebeure	36 - 109

HOOFSTUK 2

ANALISE VAN GETUIENIS

D.	Inleiding	110
E.	Palazzolo se binnekoms in die R S A	111 - 132
F.	Palazzolo se beweerde vestiging in Ciskei	133 - 140
G.	Wanvoorstellings aan Dept Binnelandse sake	141 - 149
H.	Beweerde valuta en verwante oortredings	150 - 155
I.	Die invoer van die motors	156 - 164
J.	Palazzolo se R S A verblyfpermit	165 - 177
K.	Die beweerde vervalsings	178 - 185

South African History Archive - Since 1988

HOOFSTUK 3

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

L.	Omkopery en korruksie	186 - 196
M.	Verwysing na die Prokureur-generaal	197 - 204
N.	Diverse verwysings	205 - 207
O.	Verhouding met Ciskei	208 - 209
P.	Polities-etiese aangeleenthede	210 - 215

HOOFSTUK 1

A. INLEIDING

1. Hierdie kommissie se opdrag is vervat in regulasiekoerant 4249 van 13 Augustus 1988. Deel van die opdrag is om ondersoek in te stel na die betrokkenheid van persone by handelinge wat dui op ongerymdhede in transaksies met Ciskeise belang, die vraag of die betrokkenheid misdrywe ingevolge die Suid-Afrikaanse reg daarstel of ten nadele van Suid-Afrikaanse belang strek of gestrek het, en indien laasgenoemde van toepassing is welke remedial^{remedial} of voorkomende stappe om 'n herhaling te voorkom aangewese is, en enige ander aangeleentheid wat volgens die oordeel van die kommissie ondersoek moet word ten einde die ondersoek en verslag sinvol af te rond.
2. Hierdie verslag handel met die sogenaamde Palazzolo-De Pontes aangeleentheid. Dit is 'n aangeleentheid wat heelwat ongure publisiteit ontvang het en ten aansien waarvan heelwat onware gerugte bestaan. Ernstige bewerings teenoor vooraanstaande persone is opgelewer. Om die lug te suiwer, is besluit om op 'n vroeë stadium reeds 'n aparte verslag oor hierdie besondere aangeleentheid voor te berei. Dit skyn ook asof die aangeleentheid in 'n aparte kader val en nie verband hou met enige ander beweerde onreëlmataigheid wat tot die aandag van die kommissie gekom het nie. Dit regverdig dus aparte behandeling.
3. Die verhaal wat voor die kommissie ontsluit is, is in 'n sin ongelooflik. Dit is 'n verhaal van internasionale intriges, verbintenis tussen inwoners van die republiek en die Ciskeise regering, beweerde magsmisbruik, beweerde invloedsmisbruik en beweerde 'gewone' kriminele oortredings. Die eer kom speurder-adjudant offisier Fouché toe vir die speurwerk verrig. Hy het geen

steen onaangeroer gelaat nie. Hy het sy werk vreesloos verrig. Dit is moeilik om in woorde sy vermoë om 'n leidraad te vind, te volg en om leidrade te verbind in woorde te beskryf. Veel meer oor hom wil ek nie sê nie behalwe dat die S A Polisie trots kan wees om iemand met sy vermoë en intellek.

4. Die prosedure gevvolg het kortliks daarop neergekom dat alle beskikbare getuienis deur Fouché voorgelê is en persone wat betrek is deur hierdie getuienis is die geleentheid gebied om self getuienis af te lê en hulle saak te stel. Die geleentheid is ook gebied vir die roep van getuies vir kruisondervraging. Hierdie prosedure het veroorsaak dat heelwat formele en materiële getuies nie mondelinge getuienis hoef af te gelê het nie. Die geskilpunte is vroegtydig geïdentifiseer en onnodige aspekte geëlimineer. Kragtens ooreenkoms tussen die regverteenvoordigers is die betoog skriftelik voorgelê. Hierdie betoë was van groot waarde maar aangesien die verslag nie 'n hofuitspraak is nie, word nie uitdruklik met die betoë in die verslag gehandel nie. Elke submissie is egter in ag geneem. Wat wel opval van die betoog namens mnr De Pontes is dat punte wat in die loop van die ondersoek merieteloos blyk te gewees het in detail behandel word terwyl die punte wat antwoorde verg, grootliks afgemaak word op grond daarvan dat dit buite die kommissie se opdrag val.
5. Die 'getuienis' wat aangebied is, het verskeie vorme aangeneem. Aan die een kant was daar ongestaafde bewerings wat nie op feite gegrond was nie. Dan was daar ook prima facie feitebewerings wat van alle waarheid ontbloot is. In hierdie verslag sal daardie sogenaamde getuienis sover moontlik geïgnoreer word.
6. Die feitebevindings gemaak, is gemaak aan die hand

van die maatstaf wat in siviele gedinge geld nl 'n oorwig van waarskynlikhede. Ek is van oordeel dat dit nie nodig vir 'n kommissie is om bevindings bo redelike twyfel uit te bring nie. 'n Bevinding bo redelike twyfel is nodig vir 'n suksesvolle strafregtelike vervolging. In die lig van die maatstaf aangewend, beteken dit dat 'n feitebevinding van die kommissie nie noodwendig sal lei tot 'n suksesvolle strafregtelike vervolging op daardie aspek nie. Dit moet ook in gedagte gehou word dat feitebevindings van 'n kommissie deels gebaseer kan wees op feite wat nie in 'n geregshof bewysbaar is nie.¹⁾

B. DIE PERSONE BETROKKE

7. Vooraf wil ek kortliks die persoonlikhede wat 'n rol gespeel het in die aangeleentheid kortliks identifiseer en enkele opmerkings oor hulle geloofwaardigheid maak.
8. Vito Palazzolo
Hy is 'n gebore Italianer wat homself in Switserland gevestig het as 'n handelaar en/ of finansier. Hy dien tans 'n vonnis uit in 'n Switserse gevangenis. Na die aard van die misdrywe wat hy sou gepleeg het, keer ek mettertyd terug. Palazzolo kon nie voor hierdie kommissie in persoon getuig nie maar hy het vrae onder eed beantwoord wat aan hom in Switserland deur die Suid-Afrikaanse polisie gestel is. Daardie getuienis is by die kommissie ingedien.
9. Palazzolo het 'n siviele eis teen onder andere mnr P de Pontes in Ciskei ingestel en die geding is hangende. Hy is skynbaar van oordeel dat mnr De Pontes hom in saketransaksies sou bedrieg het. Volgens Palazzolo se seun beskou Palazzolo die

¹⁾ Vgl par 197

optrede van mnr De Pontes by die oorname van 'n deel van Palazzolo se bates as kranksinnig en sou Palazzolo gesê het dat 'if he (De Pontes) did take our assets he (Palazzolo) would ruin his (De Pontes') career.'

10. Die probleme waarvoor die kommissie gestel is ten aansien van die beoordeling van Palazzolo se getuienis en gedrag is kortliks die volgende:
 - (a) Soos reeds aangetoon het hy 'n motief en begeerte om mnr De Pontes te benadeel;
 - (b) Palazzolo kon natuurlik nie gekruisvra word nie en probleme ten aansien van sy getuienis of bewerings kon nie mondeling getoets word nie;
 - (c) Palazzolo se verklaring onder eed aan die polisie is in meerderde opsigte blatant onwaar en is in ander opsigte waarskynlik vals;
 - (d) Vanweë die hangende geding tussen Palazzolo en De Pontes het Palazzolo se advokaat sy ondervraging van De Pontes in 'n mate daarop gerig om ammunisie vir die geding te kry en nie om noodwendig die kommissie se probleme te help oplos nie;
 - (e) Heel verstaanbaar was die kruisondervraging deels daarop gerig om Palazzolo in 'n goeie lig te stel. Dit was ook in belang van almal wat met Palazzolo in verbinding was om daardie indruk te versterk ten einde hulle eie optrede te regverdig.
11. Die strafsaak teen Palazzolo in Switserland is aangehoor deur drie regters en 'n jurie. 'n Volledige uitspraak is verskaf. Die uitspraak is in Italiaans en die vertaling is nie altyd maklik te

volg nie. Ook is die hofprosedure vreemd. Dit blyk egter uit daardie uitspraak dat Palazzolo in Palermo, Italië gebore is. As 15-jarige seun emigreer hy na Duitsland en begin te werk. Hy het nederige werk verrig en het mettertyd kursusse in ontwerp en hotelwese gevolg. Hy het hom ook laat bekwaam as 'n vertaler en hy is Italiaans, Engels, Frans en Duits goed magtig. Nadat hy verskillende beroepe gevolg het, het hy op 20-jarige leeftyd in 'n Duitse bank begin werk en gelyktydig 'n restaurant behartig. Hy het baie geld in 'n kort rukkie uit die restaurant gemaak. Daarna het hy betrokke geraak in 'n eiendomsontwikkeling in Italië. Daar is bewerings van omkopery wat daar sou plaasgevind het maar die detail ontbreek.

12. Daarna het hy betrokke geraak met persone in die edelgesteentemark. Hy het dit ook reggekry om eksekuteur te word in die boedel van 'n welaf handelaar in edelgesteentes. Hy het verder handel gedryf in geld. So byvoorbeeld het hy reeds in 1981 300 000 Rand-note moes kry om 'n onverklaarde betaling vir diamante te maak. Mens kan maar net raai wat die oorsprong van die diamante en die bestemming van die Rande was. Hy was ook bedrywig op die aandelebeurs.
13. Dit is belangrik om daarop te let dat die hof aanvaar het dat Palazzolo 'n nie lid van die Mafia is nie. Daar is nie getuienis voor die kommissie geplaas wat die teendeel bewys nie. Skynbaar stem die Italiaanse en Switserse polisie nie met hierdie bevinding saam nie.
14. Die indruk wat die hof van hom gevorm het, was die volgende: 'On the basis of his behaviour during the inquiry and trial, and of his precise, elaborate and quick answers, Palazzolo proved to be not only an excellent business man, but also an

expert at defending himself before everybody in a lawful and respectful manner.'

15. Of 'n mens al die bevindings van die hof op sigwaarde kan aanvaar, is moeilik te oordeel. In hierdie verband is dit net nodig om daarna te verwys dat die hof bevind het dat Palazzolo in finansiële probleme was ten tye van sy verhoor en dat 'n ligte boete opgelê vanweë sy gebrek aan fondse. Indien in ag geneem word dat Palazzolo ongeveer R10 miljoen die land binnegebring het binne 2 jaar na hierdie feitebevinding en indien in ag geneem word dat hy in Switserland deurgaans in gevangenis was, skyn dit asof Palazzolo wel die vermoë gehad het om 'n rat voor die hof se oë te draai.
16. John David Scheffer
Scheffer, 'n 24-jarige man, was te die relevante tyd 'n senior klerk in die departement Binnelandse Sake. Hy het gehandel met die aansoek om permanente vestiging in die R S A van Palazzolo en sy gesin. Dit het hy gedoen op versoek van mnr De Pontes wat hom persoonlik ken. Hoe dit ook al sy, Scheffer is onlangs skuldig bevind aan bedrog en meineed omdat hy 'n vals assuransie-eis ingedien het. Aan die hand van sy eie getuienis in hierdie saak is dit duidelik dat hy hom skuldig gemaak het aan meerdere misdrywe onder andere die diefstal van lêers van die departement, vervalsing, bedrog en dies meer. Dit was ook nie vreemd vir hom om persone aan wie hy gunste verskaf het, subtel af te pers en onder valse voorwendsels voordele van hulle te bekom nie. Dit is duidelik dat hy 'n patologiese leuenaar is. Dit is verder duidelik dat hy sielkundige probleme


het. Dit het De Pontes geweet en volgens die getuienis van mnr Welz het De Pontes geglo dat hy mettertyd agter Scheffer se sielkundige probleme sou kon skuil.

17. Dit is voldoende om op hierdie vroeë stadium te sê dat Scheffer 'n ongeloofwaardige getuie is en dat slegs waarde aan sy getuienis geheg kan word vir sovér dit gestaaf word deur objektiewe feite of wesenlike waarskynlikhede.
18. Petro (Peet) de Pontes
Mnr De Pontes is 'n prokureur en lid van die Volksraad vir die kiesafdeling Oos-Londen Stad. Hy is hoogs intelligent en het aansienlike vordering in die politieke lewe gemaak. Hy het 'n besondere goeie geheue en in die loop van hierdie verrigtinge het hy homself selde weerspreek. Die ondersoek het hom onder groot spanning geplaas maar in die algemeen kan gestel word dat sy gedrag in die getuiebank onberispelik was. Sy getuienis moet egter getoets word aan die hand van objektiewe feite en waarskynlikhede. 'n Probleem wat wel ondervind is met sy getuienis is dat hy eerder sy saak betoog het as om die feite daar te stel. By oorweging van sy getuienis moes terdeé ag geslaan word op die gevvaar van wysheid in retrospek. So ook die gevvaar van skuld as gevolg van assosiasie.
19. De Pontes was bewus van die probleme wat die kommissie ondervind het om Palazzolo en Scheffer se getuienis. Die indruk by die kommissie is dat De Pontes bereid was om enige onwaarskynlike relaas op te dis en wou hê dat die kommissie hom as 'n naiewe persoonlikheid moet evalueer. Hy glo skynbaar dat 'n onwaarskynlike relaas waarskynlik word bloot omdat dit nie deur geloofwaardige getuienis weerlê kan word nie. Hy

was gevolglik ook nie bereid om in die loop van sy getuienis met die opsigtelike onwaarskynlikhede wat in sy getuienis na vore gekom het, te handel nie. Sy standpunt was dat dit die ondervraer se probleem en nie sy eie probleem is nie. Hy het skaamteloos alle ongemaklike vrae ontwyk of sulke vae antwoorde gegee dat hy later sy vrae daarin kon draai. Enige nadelike bevinding wat uitgebring sal word, sal normaalweg uitgebring word ten spyte van sy ontkenning. Die waarskynlikheid van die talle ontkennings moet dus getoets word.

20. Soos mettertyd sal blyk, het De Pontes 'n besondere invloed in die Ciskei en het hy ekstensiewe gebruik gemaak van hierdie invloed om eie finansiële gewin.
21. Dit sal ook blyk dat De Pontes se aanwending van sy regskennis op so 'n wyse gedoen is dat die afleiding gemaak kan word dat hy nie bona fide opinies uitspreek nie of dat hy sy oë gesluit het vir wesenlike feite.
22. Palazzolo het aanvanklik vir De Pontes in laasgenoemde se hoedanigheid as prokureur gekonsulteer. De Pontes het al gou visioene van miljoene gesien en die prokureur-kliënt verhouding het verander in 'n venootskapsverhouding. Daarbenewens het De Pontes sy politieke konneksies verhandel en sy politieke invloed gebruik ten einde vir homself en sy kliënt aansienlike finansiële voordele te beding. Sy gebruik was om alles op die hoogstevlak te doen behalwe in een geval en dit is die geval van Scheffer waarby mettertyd stil gestaan sal word.
23. Robert de Lange
Mnr de Lange was, toe hy sy getuienis gegee het, nog burgemeester van Oos-Londen. Hy is volgens

persberigte in die onlangse munisipale verkiesing verslaan. Hy is ook die geregsbode te Oos-Londen.

24. Mn^r De Lange was 'n kennis van 'n kennis van Palazzolo. Hierdie persoon het mn^r De Lange gekontak met die oog op die vind van 'n prokureur of invloedryke persoon om Palazzolo behulpsaam te wees om die land binne te kom en geld alhier te belê. De Lange het De Pontes voorgestel. Hy het in gedagte gehad dat De Pontes nie alleen 'n prokureur is nie maar ook 'n invloedryke politikus. De Lange se vergoeding vir hierdie voorstelling was 'n gratis vakansie in Europa.
25. De Lange was 'n swak getuie. Hy het op sy eie versoek getuig. Hy wou sy verkiesingsveldtog red. Dit het nie gehelp nie.
26. Soos mettertyd sal blyk, het De Lange 'n klein rol in die saga gespeel.
27. Phillip Rothbart 
Mn^r Rothbart is 'n voormalige stadsraadslid van Oos-Londen wat ook in die onlangse verkiesing sy setel verloor het. Hy is 'n vriend en sakevennoot van De Pontes. Hy het vorige veroordelings vir 'n groot aantal bedrogklagtes maar in die lig van die vonnis wat daar opgelê is, is nie gediskwalifiseer om as stadsraadslid te dien nie. Dit skyn ook nie of die hof die bedrog in 'n te ernstige lig gesien het nie.
28. Rothbart het op sy eie versoek getuig. Dit het hy gedoen omdat 'n beëdigde verklaring wat hy aan die polisie verskaf het direk teenstrydig is met 'n deel van De Pontes se saak. Hy het gepoog om sy verklaring 'reg te stel.' Hy het nie daarin geslaag nie. Al wat hy gedoen het was om hom op meerderere aanvullende wesenlike aangeleenthede

onder eed te weerspreek.

29. In die geheel gesien is Rothbart se rol in die aangeleentheid beperk tot die van 'n boodskapper van De Pontes.
30. Douw Gerbrand Steyn
Mnr Steyn is 'n voormalige gevolaagdige ambassadeur van Ciskei. Hy is skielik gedurende 1988 ontslaan. Hy skyn meneer De Pontes se kontakman in Ciskei te wees. Dit is moeilik om die geloofwaardigheid van mnr Steyn te peil. Die belangrike getuienis ontbreek aangesien dit vervat is in dokumente in Ciskei.
31. Die Ciskeise republiek
Dit mag vreemd klink om die Ciskeise republiek as 'n party tot die ondersoek te bestempel maar aangesien die kommissie te doen het met onreëlmatighede oor die grense heen na Ciskei, is dit onafwendbaar dat Ciskei se regering se optrede van tyd tot tyd onder die soeklig moes kom. Die kommissie is terdeë bewus daarvan dat Ciskei 'n onafhanklike staat is en dat die soewereiniteit van Ciskei gerespekteer moet word. Die kommissie kan egter nie sy opdrag uitvoer tensy hy ten minste by geleentheid oor die grens kan loer nie. Immers, onreëlmatighede oor landsgrense heen kan beswaarlik bekamp word indien persone oorkant die grens vatbaar bly vir onreëlmatighede en sodanige onreëlmatighede nie deur daardie land se owerheid van sy kant bekamp word nie. Die kommissie het geen bystand van die regering van Ciskei ontvang nie. Dit is in teenstelling met die bystand wat ontvang is van Transkei se huidige regering. Dit is deels te verstanne aangesien die ondersoek van hierdie kommissie grootliks te doen het met Transkei se vorige administrasie en die Ciskei se huidige administrasie.

32. Die getuienis voor die kommissie (ook in 'n ander konteks) toon dat daar 'n algemene persepsie bestaan dat sekere leiers en amptenare van sekere nuwe onafhanklike state geredelik vatbaar is vir korruksie. Die getuienis is ook dat om iets reg te kry in so 'n staat begin 'n mens te werk op die hoogste vlak en werk vandaar af ondertoe. Om 'n voorbeeld te gee wat verband hou met die onderhawige geval: Palazzolo se aansoeke om verblyfpermitte en om burgerskap is nie volgens wet en regulasie hanteer nie. Eers word 'n brief van die president bekom wat daardie vergunnings of regte toestaan of onderneem om dit in die toekoms toe te staan. Daarna word die statutêre formaliteitite gevolg. Op hierdie wyse word die statutêre voorskrifte waardeloos aangesien die besluit geneem word alvorens die voorskrifte gevolg is en alvorens die volle feite geopenbaar is.
- Die kommissie is ook in besit gestel van 'n hoeveelheid inligting wat dui op hoë vlak korruksie in Ciskei. Hierdie inligting is nog nie verwerk nie en dit is nog nie vasgestel of dit relevant is tot die kommissie se opdrag nie.
- 'n Verdere persepsie wat skynbaar bestaan, is dat hoë vlak toestemming 'n verhandelbare kommoditeit is. In die onderhawige geval is die toestaan van 'n verblyfpermit deur Ciskei se president onderhewig gestel aan 'n belegging van 'n bepaalde bedrag in Ciskei en nadat 'n substantiewe donasie aan 'n voorgestelde welsynsorganisasie gemaak is.
- Hierdie kleurlose voorbeeld word gebruik ter illustrasie. Verdere voorbeelde sal mettertyd na vore tree.
33. Wat skynbaar nie besef word nie is dat tensy hierdie persepsies met drastiese stappe uit die weg geruim word, die moontlikheid van buite-beleggings en gevolglike ekonomiese groei ernstig aan bande gelê word. Om die stelling eenvoudig te illustreer: geen redelike mens is bereid om sy motor te laat

diens by 'n motorhawe met 'n slechte reputasie. Net so min belê iemand geredelik geld in 'n bank, maatskappy of land met 'n reputasie. Dit is in hierdie konteks nie relevant of die reputasie verdien of onverdien is nie. Al wat relevant is, is dat die reputasie bestaan.

34. Mev J M Scholtz

Mev Scholtz is De Pontes se sekretaresse en sy het dikwels namens of saam met hom opgetree. Sy is 'n hoogs intelligente dame met 'n besondere geheue maar wat in hierdie saak aan selektiewe amnesia gely het. Sy speel ook 'n ondergeskikte rol waarna mettertyd teruggekeer sal word.

35. Mej Helene de Lange

Mej De Lange was Palazzolo se private sekretaresse en sy het 'n groot bewondering vir hom. Sy was persoonlik betrokke by enkele kleinere aangeleenthede en in die geheel gesien is haar getuienis geloofwaardig.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

C. DIE VOLGORDE VAN GEBEURE

36. In hierdie afdeling word die volgorde van gebeure kortliks uiteengesit. Dit word op kleurlose wyse gedoen deurdat geen wesenlike kommentaar bygevoeg word en deurdat die onbetwistbare feite (sovér moontlik) neergestip word.
37. Op 20. 4.1984 word Palazzolo in Switserland gearresteer na aanleiding van 'n versoek deur Italië om sy uitlewering na Italië. Aangesien Palazzolo nie 'n Switserse burger is nie, was hy nie geregtig op borg nie en het hy in hegtenis gebly. Omdat hy nie begerig was om aan Italië uitgelewer te word nie, het hy op 10.10.1984 'n bekentenis aan die Switserse polisie gemaak. Aangesien die bekentenis 'n misdryf geopenbaar het, kon hy nie uitgelewer word alvorens daardie misdryf nie in Switserland bereg is nie.
38. Op 26. 9.1985 word Palazzolo skuldig bevind aan die 'aggravated crime in violation of the federal law on drugs, for acting as a co-actor for financing, directly or as intermediary, an illegal traffic in drugs, for delivering to drug dealers 6 million dollars, partially converted into 200 kg of gold and funds destined to finance other drug traffics; funds which were taken in delivery, and concealed in the U.S.A, and later transferred to Switzerland after September 1982.' Die vonnis opgelê was:
- (a) Drie jaar gevangenistraf bereken vanaf 14.11.1984.
- (b) Tien jaar verbanning uit Switserland.
- (c) 'n Boete van SF20,000.

39. Dit blyk uit die uitspraak dat:

- (a) die misdaad verswarend beskou is vanwee die groot hoeveelheid dwelmmiddels betrokke;
- (b) Palazzolo betrokke was by ander finansiering van dwelms voor September 1982 maar dat hy nie die nodige opset gehad het tydens daardie finansiering nie;
- (c) Palazzolo skuldig is vanwee 'n opset by moontlikheidsbewussyn;
- (d) Palazzolo skuldig is as mededader;
- (e) ter strafversagting die feit in ag geneem is dat Palazzolo gedreig is aangesien hy kliënte se geld op die aandelebeurs verloor het en hy skynbaar deur hierdie handel sy verliese wou regstel. Wat die aard van die dreigement was nie, blyk nie uit die uitspraak nie;
- (f) Palazollo nie self met dwelms gehandel het nie maar die finansiering noodsaaklik vir die handel verskaf het. Sowel Palazzolo as die Staat het 'n appèl aangeteken teen die uitspraak van hierdie hof.

Op 8.11.1985 rig 'n vriendin van Palazollo, mej Amborgini, 'n brief aan mnr Robert de Lange. Sy het De Lange sedert ongeveer 1972 geken.. In die brief doen sy navraag ten behoeve van 'n ongenoemde

Italiaanse vriend wat van voorneme is om ongeveer 'n halfmiljoen dollar (in die begin) in R S A te belê. Hy was slegs bereid om dit te doen indien hy 'n waarborg van permanente verblyf kon kry. Die betrokke persoon was nie op daardie stadium in staat om Switserland te verlaat nie aangesien hy een of ander regsprobleem met Italië sou hê. Die regsprobleem genoem, was die verskuiwing van fondse vanaf Italië na Switserland sonder die nodige goedkeuring.

41. De Lange het by ontvangs van die brief in verbinding getree met De Pontes. Dit het hy gedoen omdat De Pontes 'n prokureur en Volksraadslid is. De Pontes se advies was dat die betrokke persoon die nodige aansoekvorms om permanente verblyf in die R S A in Switserland moet indien, die toegekende nommer aan hom verskaf en dan sou hy die aangeleentheid in die R S A verder voer.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

42. Op 11. 4.1986 is Palazzolo se appèl in wese van die hand gewys en het die Staat se appèl ten dele geslaag. Die effek van die appèl kan kortliks soos volg saamgevat word:
 - (a) die skuldigbevinding hierbo aangehaal, is bekragtig;
 - (b) twee aanvullende skuldigbe vindings is uitgebring te wete: 'Felonious Violation of the Federal Narcotics Act, in that (he) financed an unlawful narcotics traffic by handing to drug dealers a number of cheques for 1,5 million dollars, intended for use in subsequent

unlawful drug deals; the said facts having occurred in Lugano in October 1982' en 'unpremeditated violation of the Federal Narcotics Act, in that (he) negligently took part in an unlawful narcotics deal involving a value of approximately 28 million dollars, in Lugano and elsewhere in Switzerland and abroad, from the end of 1981 through early 1983.'

Die vonnis opgelê was die volgende:

- (i) $5\frac{1}{2}$ jaar bereken vanaf 20. 4.1984;
- (ii) SF20,000 boete.
- (iii) Die verbanningsbevel is terugverwys vir heroorweging;

Appèl- en hersieningsprosedure is deur Palazzolo ingestel na aanleiding van hierdie bevinding. Die doel van die hersiening was om aanvullende getuienis voor die hof te plaas om aan te toon dat die skuldigbevinding ten aansien van die 1,5 miljoen dollars se tjeks nie plaasgevind het nie. Die doel van die appèl was om die vonnis van drie jaar gevangenisstraf te laat herinstel (met ander woorde dit was slegs gerig teen die oplegging van die aanvullende twee en 'n half jaar).

Op 15. 5.1986 rig juf Amborgini 'n navraag aan De Lange wat hy op sy beurt na De Pontes deurgestuur het. Die relevante vraag was die volgende: 'Exist the extradition convention between S A and: U S A, Italy, Switzerland and Germany? If yes for which

crime?' Nadat De Pontes oor hierdie aangeleentheid navraag gedoen het antwoord hy soos volg op 22. 5.1986: 'Extradition treaties do exist with U S A, Italy, Switzerland but not with Germany. These cover normal serious crimes such as murder, theft, robbery, fraud etc but does not include exchange control contraventions.'

45. 'n Verdere navraag was wat die vinnigste manier is om permanente verblyf en Suid-Afrikaanse burgerskap te verkry. In antwoord hierop toon De Pontes aan wat die prosedure is en voeg by dat indien daar spesiale omstandighede is 'as would appear to be' besondere reëlings getref kan word. Die enigste 'spesiale omstandighede' wat tot De Pontes se kennis bestaan het was dat die onbekende Italianer geld in die land wou belê en dat hy nie Switserland mag verlaat nie omdat hy misdrywe in Italië gepleeg het. Wat spesiaal daaraan is, gaan die verstand te bove.¹⁾
46. Gedurende Junie 1986 is reëlings deur De Lange getref vir 'n besoek deur hom en De Pontes aan Palazzolo in Switserland. Palazzolo se identiteit was op daardie stadium nog onbekend gewees. De Pontes sou oorgaan in sy hoedanigheid as prokureur terwyl De Lange 'n gratis vakansie sou geniet vir sy moeite om De Pontes aan die vriend van mej Amborgini voor te stel.
47. De Pontes en De Lange het op 29. 6.1986 na Lugano in Switserland vertrek. De Lange het op daardie stadium geweet dat die onbekende Italianer in 'n gevangenis is. De Pontes beweer dat De Lange hierdie feit verswyg het. Of De Pontes geweet het of nie geweet het dat Palazzolo in die gevangenis was voordat hy in

¹⁾ Vgl par 21

Switzerland gearriveer het nie, is inderdaad nie ter sake nie aangesien De Pontes as prokureur opdrag gekry het en aangesien hy in ieder geval onmiddellik bereid was om die opdrag uit te voer nadat hy bewus geword het van die feit dat Palazzolo in die gevangenis is.

48. De Pontes en De Lange het meerdere besoeké by Palazzolo in die gevangenis afgelê tydens hierdie geleentheid. De Pontes beweer dat aangesien De Lange homself wou inwurm in hierdie professionele opdrag wat hy as prokureur ontvang het, het hy op 'n stadium versoek dat De Lange die vertrek moet verlaat sodat hy alleen met Palazzolo kan praat oor gelde en die posisie tussen hom en sy vennote. Aangesien De Pontes volledige notas gehou het van die konsultasies met Palazzolo is dit moontlik om uitsluitlik op die inhoud van daardie notas staat te maak ten einde te bepaal wat tydens daardie konsultasies plaasgevind het.
- ARCHIVE FOR JUSTICE
49. Volgens De Lange was die belangrikste vraag wat hulle gehad het of daar enige verdowingsmiddels of die Mafia by sy oortreding betrokke was. Die antwoord op hierdie navraag was nee. Aangesien De Lange beweer dat geen gesprek oor verdowingsmiddels of die Mafia plaasgevind het nie, is dit onverklaarbaar hoekom iemand wat sou gesê het dat hy bloot aan 'n valuta-oortreding skuldig bevind is deur De Lange en De Pontes van Mafia verbintenisse en dwelms verdink sou word. De Lange het nie hierdie vraag bevredigend beantwoord nie.
50. Tydens die eerste besoek aan Palazzolo op 30. 6.1986 het Palazzolo 'n redelik volledige uiteensetting van sy agtergrond gegee. Hy het verduidelik dat hy geldoorplasings vanaf die V S A gedoen het en dat die F B I ondersoek begin instel het. Die V S A het druk op die Switserse regering geplaas asook op die Duitse

regering (skynbaar vir Palazzolo se uitlewering). Die Switserse regering het geweier. Die nota gaan voort 'then Italy they issued warrant, basis helping organised crime (in laundering money?) arrested.' Die enigste redelike afleiding uit hierdie nota is dat De Pontes in kennis gestel is dat die Italianers 'n aansoek vir uitlewering van Palazzolo by die Switsers gedoen het op grond daarvan dat hy georganiseerde misdaad gehelp het met die wegsteek van geld. Palazzolo het ook 'n uiteensetting gegee van sy skuldig bevinding.

51. Tydens die konsultasie op 1. 7.1986 is deur die Italiaanse hofstukke gegaan. De Pontes is meegeedeel dat Palazzolo skuldig bevind is aan die oordrag van geld aangesien hy opset by moontlikheidsbewussyn gehad het omdat hy die moontlikheid voorsien het dat die persone betrokke, met dwelms betrokke was.
52. De Pontes het oënskynlik op 2. 7.1986 'n konsultasie gevoer met Palazzolo se prokureur. Hulle kon mekaar nie verstaan nie. Op die ou einde het die prokureur in Duits 'n kort uiteensetting van die posisie verskaf en 'n vertaling is ook aan De Pontes verskaf. Die vertaling is duidelik gedoen deur iemand wat Engels nie goed magtig is nie omdat die Engels nie behoorlik lees nie. In ieder geval is die vertaling in wesenlike opsigte verkeerd. Die punt in die opsomming word gemaak dat Palazzolo skuldig bevind is omdat hy met 'conditional intent' gehandel het toe hy die risiko geneem het dat die geld van dwelmhandelaars kon kom. Dit word beklemtoon dat hy self nie 'n dwelmhandelaar is nie aangesien hy nooit in kontak met dwelms gekom het nie. Die posisie ten aansien van die hangende appèl en hersiening word verder uiteengesit.
53. De Pontes het gedurende hierdie tydperk ook aangedoen by die ambassade te Bern. Daar het hy met die tydelike saakgelastigde in die afwesigheid van die ambassadeur

onderhandel. Hy het die saakgelastigde (mnr Brink) meegegee dat Palazzolo na die R S A wou emigreer en ook dat hy skuldig bevind is as gevolg van onwettige finansiële transaksies wat met verdowingsmiddelgeld in die V S A verband hou. Brink het De Pontes meegegee dat die aansoek nie oorweeg kan word alvorens die vonnis klaar uitgedien is nie. Vanweë mnr De Pontes se oortuigingsvermoë en die feit dat hy 'n L V is, is Palazzolo se naam nie op die voorbehoudslys geplaas nie. De Pontes is ook meegegee dat aangesien Palazzolo diehouer van 'n Italiaanse paspoort is hy 'n visum benodig om die R S A te betree.

54. Tydens die verskeie konsultasies is die volgende aangeleenthede onder andere bespreek:
- (a) die oordrag en belegging van fondse in R S A;
 - (b) die verkryging van verblyf en burgerskap in die R S A;
 - (c) De Pontes se vergoeding. Daar is 'n aanbod aan De Pontes gemaak om in Switserland betaal te word en volgens sy notas sou 'n ooreenkoms oor hierdie aspek bereik word. Dit blyk nie uit die verdere notas of so 'n ooreenkoms inderdaad bereik is nie. De Pontes ontken dat so 'n ooreenkoms bereik is en betwis die getuenis dat daaroor uitvoering gegee is;
 - (d) uitlewerings na die V S A, Italië en Switserland;
 - (e) 'n algemene volmag aan De Pontes met 'n opdrag aan De Lange om 'n oog oor De Pontes te hou.
 - (f) De Pontes sou vergoed word om die fondse te administreer teen 1% plus uitgawes;

- (g) De Pontes sou toesien dat Palazzolo 'n visum kry vir 'n besoek aan R S A. So 'n aansoek is dan ook by die ambassade te Bern ingedien.
55. Tydens hierdie besoek was De Pontes gereeld in verbinding met die parlementêre verteenwoordiger van die departement van Binnelandse Sake en bankbeamptes in die R S A. Tydens die laaste besoek op 7. 7.1986 het De Pontes opdrag gekry om ondersoek na Ciskei in te stel. Presies wat die aard en omvang van die ondersoek is, blyk nie uit die notas nie. Opdrag is ook gegee dat in 'n teleksboodskap Palazzolo se naam nie genoem moet word nie.
56. Op 8. 7.1986 by sy terugkeer het De Pontes onmiddellik weer in verbinding getree met die parlementêre verteenwoordiger, Van Wyngaard. Aangesien De Pontes nog nie teen 23 Julie uitklaring gekry het oor die toestaan van die visum nie, het hy besluit om die Adjunk direkteur-generaal, die Direkteur-generaal en/of die Minister te nader. Intussen het die departement 'n voorlegging aan die Minister van Binnelandse Sake voorberei. In die verslag is die kommentaar van die Bern ambassade vervat. Dit is waarskynlik dat die kommentaar van die Bern ambassade uitsluitlik gebaseer is op die mededelings ontvang vanaf mnr De Pontes en dat die ambassade nie 'n onafhanklike ondersoek na die aangeleentheid ingestel het nie. Hoe dit ookal sy, die aanbeveling van Binnelandse Sake gedateer 23. 7.1986 was dat die aansoek om 'n visum geweier word aangesien Palazzolo in die lig van sy kriminele rekord nie permanente vestiging sou bekom nie.
57. Teen 29. 7.1986 was daar nog nie uitsluitsel nie. Tydens 'n telefoniese gesprek met Palazzolo se seun deel De Pontes hom op daardie dag mee dat hy die Minister die Maandag sou sien maar dat hy dink dat die R S A

deurgehaak is. Hy deel hom verder mee dat indien die R S A 'n probleem bied sal die Ciskei geen probleem bied nie. Die Palazollos moet dan na Ciskei kom en daarna sal die posisie in die R S A reggemaak word.

58. De Pontes het eers geleentheid gekry om met die Minister te praat op 7 of 8 Augustus 1986. Hy is toe meegedeel dat Palazzolo nie in die Republiek toegelaat kan word nie en dat 'n geswore vertaling van die hofrekord onder andere benodig sou word by enige hoorweging. Die beskikbare stukke in die departementele lêer toon dan ook aan dat die minister die aanbeveling van die departement aanvaar het deur 'n visum vir Palazzolo te weier.
59. Op 11. 8.1986 begin De Pontes met navrae in Ciskei in 'n poging om Palazzolo aldaar gevestig te kry. Hy praat onder ander met mnr J Vogel en toe dié die aangeleentheid met die R S A wou bespreek, versoek De Pontes hom om dit nie te doen nie. Op 'n later stadium op dieselfde dag het hy toegestem dat Vogel wel inligting in die R S A bekom. Op 18 Augustus bespreek De Pontes en Steyn die aangeleentheid met die Ciskeise Minister van Justisie en hy dui aan dat die aangeleentheid met die President opgeneem moet word.
60. Gedurende Augustus tydens die Nasionale Party kongres te Durban het De Pontes weer die aangeleentheid met Minister Botha opgeneem. Tydens hierdie gesprek het die Minister die standpunt gehuldig dat die visum nie goedgekeur kan word nie omdat dit eintlik neerkom op 'n aansoek om permanente vestiging. Volgens De Pontes se nota moes 'normaal en volledig aansoek gedoen word en moes die volle storie in Switserland' uiteengesit word. De Pontes het die Minister ook meegedeel dat Palazzolo

moontlik Ciskei toe sou gaan. Soos te wagte het die Minister die houding ingeslaan dat dit 'n Ciskeise aangeleentheid is.

61. Gedurende September 1986 moes Steyn met die oog op 'n lening Oostenryk besoek. Daar is besluit dat De Pontes hom sou vergesel (skynbaar as prokureur) en dat hulle gelykydig 'n onderhoud met Palazzolo sou voer. Die voorgenome geldskieters het vereis dat 'n vooruitbetaling van 25,000 dollar aan hulle gemaak moes word alvorens die onderhandelinge afgesluit kon word. Vanweë die feit dat die S A Reserwebank nie toestemming sou gee vir die oorplasing van fondse vir daardie doeleinde nie, is besluit om hierdie fondse by Palazzolo te bekom. Palazzolo het ingestem en 'n tjek vir 26,200 dollar uitgemaak aan De Pontes en by die Weense ambassade laat aflewer. Aangesien Steyn en De Pontes tot die gevolgtrekking gekom het dat die geldskieters nie bona fide was nie, is die tjek nie aan hulle oorhandig nie en het daardie voorgenome transaksie deur die mat gevval. Die rede waarom die tjek 1,200 dollar hoër was as aangevra, was omdat Palazzolo vir De Lange nog 1,200 dollar geskuld het om De Lange se onkoste vir sy besoek te delg.
62. Op 16. 9.1986 besoek Steyn en De Pontes Palazzolo in die gevangenis. Tydens hierdie besoek gebeur die volgende:
 - (a) De Pontes adviseer Palazzolo 'he can come to Ciskei, move freely in R S A, then fix up R S A side.'
 - (b) Steyn verskaf 'n 'absolute guarantee of citizenship in Ciskei, from president.'

- (c) Palazzolo verg nie alleen 'n permit nie maar ook 'n brief van president Sebe wat sal sê dat burgerskap geen probleem sal wees nie.
- (d) Daar word ooreengekom dat De Pontes die tjek van 26,200 dollar sou behou. Aangesien hierdie tjek later apart behandel sal word,¹⁾ is dit nie nodig om op hierdie stadium vas te stel wat die terme van die afspraak was nie.
63. Op 1.10.1986 versoek De Pontes Boland Bank om 'n aansoek aan die Reserwebank te rig vir die aankoop van en belegging in finansiële rand. Daarin word gehandel met die 26,200 dollar tjek en word 'n maatskappy beoog wat gehou sou word 50% Palazzolo en 50% De Pontes. Geïdentifiseerde beleggings word uiteengesit en dan word ook genoem dat daar ander beleggings onder oorweging en hangende is. Die stelling word ook gemaak dat Palazzolo binne ongeveer 2 maande homself in Ciskei sou vestig.
64. Op 3.10.1986 doen De Pontes navraag by Doeane en Aksyns oor die invoer van Palazzolo se meubels en motors. Volgens De Pontes se notas is hy mondeling meegedeel dat 'n motor alleen ingevoer kan word indien dit vir twaalf maande gebruik is. Doeane en Aksyns oorhandig ook op daardie dag aan De Pontes die relevante statutêre bepaling wat bepaal dat een motor per familie ingevoer kan word deur 'n persoon wat hom permanent in die republiek vestig 'provided the vehicle so imported is the personal property of the importer and has personally been owned and used by him for a period of not less than twelve months prior to his departure to the republic ...'

¹⁾ Sien par 150

65. Daar is 'n tydelike verblyfpermit uitgereik deur die Ciskeise republiek gedateer 13.10.1986 waarkragtens Palazzolo Ciskei tot 9.10.1987 kon bewoon.
66. Op 14.10.1986 deel De Pontes Palazzolo se suster mee dat president Sebe bevestig het dat daar geen probleme ten aansien van burgerskap sal wees nie. By dieselfde geleentheid verskaf hy aan haar die adres waarheen die meubels versend moes word. Daardie adres was die Bisho adres van die Ciskeise President se welsynsfonds bekend as 'Ciskei President's and People's Education Fund.'
67. Op 22.10.1986 reik president Sebe 'n brief gerig aan De Pontes in die volgende terme uit:

'I refer to your letter of the 6th instant and a subsequent personal discussion with Mr De Pontes. We wish to thank your client for his generous gesture and look forward to his taking up residence in our country.

In this regard I confirm that his application for permanent residence has already been approved and that the residence permit issued to him is to enable him to come to and take up residence in Ciskei as soon as possible. Upon his doing so and settling permanently in Ciskei I further confirm that favourable consideration will be given to granting Ciskeian nationality to Mr Palazzolo. The same applies to your client's brother -- and his two sons -- whose applications, each as an individual, have been granted.

We look forward to your client's early settlement in Ciskei and to a long and fruitful relationship with him in the interests of our country.'

68. Die brief van president Sebe van 22.10.1986 bevat 'n bedanking vir 'n mildadige geskenk. Die mildadige geskenk is na 'n bedrag van R20,000 wat op daardie dag deur middel van 'n tjek deur De Pontes (vermoedelik namens Palazzolo) aan die Ciskei President's People's Education Fund oorbetaal is. Dit het met heelwat gefladder geskied aangesien De Pontes in die proses op T V 2 en/of 3 verskyn het. Die onbevestigde bewering van Steyn is dat die geld nie die fonds bereik het nie.
69. De Pontes het gelyktydig en voor sy vertrek na Switserland die balans van die 26,200 dollar uitgeput deur De Lange sy R3,000 te betaal, R5,000 oor te betaal aan die prokureursfirma I C Clarke en R26,350 na sy persoonlike rekening oor te dra.
70. Op 27.10.1986 besoek De Pontes weer vir Palazzolo in die gevangenis. Veel van wat gesê is, is nie bekend nie. Die notas van die 4¹/₂ uur gesprek beslaan enkele reëls. Wat wel bekend is, is dat die moontlike uitlewering van Palazzolo na Switserland en Italië bespreek is.
71. Gedurende November 1986 word De Pontes in kennis gestel dat Palazzolo se vriendin ook na die R S A wil kom. Op 17 November adviseer hy dat die prosedure wat gevvolg moet word, is dat sy moet aansoek doen vir 'n besoekersvisum vir die R S A. Sodra sy in die R S A is, sal sy permanente verblyf in die Ciskei kry. Hy is in staat om permanente verblyf in die Ciskei in ongeveer een dag te reëel. Op daardie dag is die aanduidings aan De Pontes gegee dat Palazzolo op 10.12.1986 vrygelaat sou word. Vermoedelik is dit die dag waarop sy hersiening aangehoor sou word.

72. Intussen het Palazzolo se meubels reeds in die R S A gearriveer. Klarings deur doeane het egter 'n probleem gebied.
73. Op 9.12.1986 skakel Palazzolo vir De Pontes oor die visum van sy vriendin en volgens De Pontes deel hy hom mee dat hy binnekort vrygelaat sou word.
74. Palazzolo beweer dat hy De Pontes op 23.12.1986 geskakel het en meegedeel het dat sy hersiening van die hand gewys is. Hierdie bewering word deur De Pontes betwiss. Op 24.12.1986 ontvang Palazzolo Kersfeesparool en hy wend dit aan om op 25.12.1986 per 'n Lufthansa vlug vanaf Frankfurt na die R S A te vertrek onder die naam Frapolli. Hy beweer ook dat hy De Pontes telefonies hiervan sou meegedeel het maar hierdie feit word ook deur De Pontes betwiss. Stawing vir Palazzolo se bewering word gevind in die beëdigde verklaring van Rothbart waar hy onder andere die volgende sê:

'On the evening of 1986/12/25 Peet De Pontes phoned me at home from his sister-in-law's home in Johannesburg. He told me that a certain Vito Palazzolo whom he had previously mentioned to me would be arriving at Jan Smuts Airport on 1987/12/26 from overseas and would be accompanied by his two sons. He told me that the Palazzolo family would come to East London and that they would be staying at the Osner Hotel in East London.'

Soos reeds aangedui, beweer Rothbart tans dat die beëdigde verklaring nie korrek is nie en dat die telefoongesprek op 26.12.1986 plaasgevind het.

75. Op 26.12.1986 arriveer Palazzolo se seuns en sy vriendin te Jan Smuts vanaf Parys. Hy self arriveer en toon 'n paspoort van ene Frapolli aan die beampies. Frapolli se foto is met Palazzolo se foto vervang gewees. Palazzolo vul ook 'n aankomsvorm in waarin hy voorgee dat hy Frapolli is. Palazzolo se verduideliking vir sy optrede is dat De Pontes in besit van sy werklike paspoort was en dat De Pontes nie op die lughawe was om hom te ontmoet nie. De Pontes beweer egter dat hy Palazzolo se paspoort lank reeds vir hom teruggegee het en dus nie meer in besit van die paspoort was nie. Hy sê verder dat Palazzolo hom meegedeel het dat hy die land binnegekom het deur gebruik te maak van sy eie paspoort en die aangehaalde brief van president Sebe.¹⁾ Inderdaad het De Pontes vir Palazzolo op die lughawe ontmoet maar dit het gebeur nadat De Lange hom uit Oos-Londen geskakel het om hom te sê dat Palazzolo op die lughawe is. Palazzolo en sy gesin is bespreek op 'n vlug na Oos-Londen en het die aand van die 26ste daar gearriveer. Hulle is inbespreek by die Osner Hotel onder die van Frapolli. Volgens die rekords van die Osner Hotel is die bespreking vir die Frapolli's deur De Pontes gedoen. De Pontes het geen herinnering dat hy die bespreking by die Osner Hotel gedoen het nie hoewel hy geweet het dat Palazzolo na die Osner Hotel sou gaan. Hy vermoed dat De Lange van sy naam gebruik gemaak het om die bespreking by die Osner Hotel te kry.
76. Daar is 'n Ciskeise datumstempel in Palazzolo se paspoort wat sou aandui dat hy op 27.12.1986 Ciskei binnegekom het. Met hierdie datumstempel word later gehandel.²⁾
77. Palazzolo en sy gesin is vanaf die Osner Hotel op 1 Januarie 1987 vir 'n verblyf van ses dae na die Amatola

1) Sien par 67

2) Sien par 140

Sun in Ciskei. In hierdie periode is 'n woonhuis vir Palazzolo bekom te Oos-Londen teen 'n koopprys van R340,000. Hoewel die kontrak eers op 'n later stadium gesluit is, word Palazzolo se meubels reeds op 8 Januarie 1987 op die persoonlike opdrag van De Pontes by die huis in Oos-Londen afgelewer.

78. Op 14. 1.1987 rig president Sebe 'n brief aan Palazzolo waarin hy bevestig dat die aansoek om permanente verblyf goedgekeur is en dat die verantwoordelike minister versoek is om die permitte so gou doenlik uit te reik. Hy meld verder dat Palazzolo se aansoek om 'n Ciskeise burger te word, goedgekeur is en dat die betrokke minister versoek is om die nodige sertifikaat in hierdie verband uit te reik en om Palazzolo te help om die nodige paspoort te bekom. Die paspoort na verwys, is natuurlik 'n Suid-Afrikaanse paspoort. Hierdie brief is opgestel deur De Pontes na aanleiding van 'n versoek van president Sebe. Volgens Steyn het De Pontes vir president Sebe meegedeel dat die Suid-Afrikaanse reg voorsiening daarvoor maak dat die president van die RSA bevoeg is om onmiddellik aan 'n persoon burgerskap te verleen. Hy het die Ciskeise president geadviseer om wetgewing dienooreenkomsdig vir Ciskei te laat aanneem. Hierdie advies (wat terloops nie korrek is nie) is gevolg en is die betrokke wetgewing deur Ciskei aangeneem spesifiek met die oog daarop om Palazzolo te akkommodeer.
79. Op 23. 1.1987 oorhandig De Pontes aan Steyn Palazzolo se paspoort asook sy foto's en die nodige inligting. Dit is vermoedelik vir die verkryging van die tydelike en permanente verblyfpermitte.
80. Op 27. 1.1987 onderteken De Pontes 'n Reserwebank vorm om aan te dui om welke rede die 26,200 dollar die land ingebring is. Volgens die vorm is dit van die VSA gebring en is dit vir professionele dienste.

81. Op 25. 1.1987 is die eerste konsep ooreenkoms ten aansien van die voorgenome Papillon Internationale (Edms) Bpk bereik. Dit sou 'n maatskappy wees met 'n aandeelkapitaal van R1 miljoen en waarin Palazzolo en De Pontes wesenlike aandeelhouding sou hê. Op daardie stadium is reeds ooreengekom dat De Pontes geregtig sou wees op R130,000 se aandele waarvoor hy nie enige betaling hoef te maak nie. Dit was volgens De Pontes vergoeding 'vir my dienste ens ten opsigte van die verkryging van sy reg om in Ciskei te bly, die beskikbaar stel van my verdere dienste, my kontakte ens en my deelname aan Papillon was dit die bedrag wat hy aangebied het en wat ek aanvaar het en die idee was dat die aanvanklik by wyse aandele in Papillon aan my uitgereik sou word.'
82. Op 30. 1.1987 het De Pontes vir Palazzolo na die minister van Binnelandse Sake se kantoor geneem. Dit was direk na die parlementsopening. Tydens die gesprek met die minister blyk dit dat hy nie dadelik die geval onthou nie maar nadat die agtergrond aan hom verduidelik is, het die minister gesê dat die departement die goed sal nagaan en oorweeg wanneer al die dokumente geliasseer is. Hy het ook gesê dat die aangeleentheid die normale weg via die Direkteur-generaal geproseseer moet word. Soos later sal blyk is die aangeleentheid nie op die normale weg via die Direkteur-generaal geproseseer nie.
83. 'n Nota van De Pontes van sy optrede gedurende Februarie ten einde die Palazzolo seuns op universiteit te kry spreek boekdelle en wys dat hy die R130,000 verdien het vir die gebruikmaak van sy kontakte. Om die persone wat geskakel is verleenheid te spaar word hulle name nie in hierdie verslag genoem nie. Dit lees egter soos 'n 'Who's Who' van politici en akademici.

84. Palazzolo se Ciskeise permanente verblyfpermit is gedateer 4 Maart 1987.
85. Gedurende Maart het daar vier luukse motors in Oos-Londen per see gearriveer. Volgens die skeepsdokumente was hierdie motors vir De Pontes bestem. Dit het later geblyk dat dit die Palazzolos se voertuie was en vanweë meerdere probleme om die invoer van hierdie voertuie het De Pontes met die betrokke amptenare onderhandel en vertoë gerig. Die aangeleentheid het die betrokke kontroleur gepla en hy het 'n kontemporêre brief opgestel oor die gebeure. Die volgende aanhalings uit die brief is relevant:
- (a) Mr De Pontes was advised of the requirements of the office pertaining to vehicle clearances i t o item 407.
- (b) He explained that these documents may be hard to produce in that the owner of the vehicle, Mr Palazzolo, had left Europe as secretly as possible in order that he could not be traced to South Africa now or at a later stage. ...
- (d) Mr De Pontes accepted these requests and stated that he would do his best, but in view of the secrecy surrounding the family's departure from Europe it may be difficult and to reinforce his case produced a document signed by president Lennox Sebe of the Ciskei.
- (e) This document basically welcomed the Palazzolos to the Ciskei and also stated that he (president Sebe) welcomed the opportunity to open trade links with Peking. The secrecy of the letter was reiterated by Mr De Pontes, but in view of the fact that Peking is a communist block member, the information is passed to you for whatever action you may deem

necessary. Purportedly; this is the reason for Palazzolo's immigration and has the full backing of the R S A government and is known to the State President Mr P W Botha.'

86. De Pontes ontken dat hy die woorde 'as secretly' gebruik het maar moontlik 'as quietly.' Die verwysing na die Staatspresident verduidelik hy as sou hy moontlik vir die betrokke beamppte gesê het dat mnr Palazzolo die Staatspresident in die wandelgange van die parlement gegroet het. Hoekom hy daarna verwys het, is nie verduidelik tensy aanvaar word dat dit was in 'n poging om druk op die beamppte te plaas. Hoe dit ookal sy, aangesien De Pontes nie bevrediging by die amptenare in Oos-Londen gekry het nie het hy, volgens sy nota, onmiddellik vir minister Barend du Plessis se kantoor geskakel en daarna met adjunk-minister Marais in verbinding oor hierdie aangeleentheid getree. Die aangeleentheid is later deur adjunk-minister Kent Durr hanteer. De Pontes het ook ter ondersteuning van die aansoek 'n beëdigde verklaring gedateer 13. 3.1987 gemaak. Die juistheid van die bewerings in daardie beëdigde verklaring is 'n onderwerp wat later behandel sal word.¹⁾ Gedurende April 1987 het Palazzolo 'n woonstel by mnr Douw Steyn aangekoop. Hierdie woonstel was sedert die vorige jaar reeds in die mark gewees. Die maatskappy Papillon Internationale (Edms) Bpk is op 1. 4.1987 in Ciskei geregistreer en daarna as 'n buitelandse maatskappy in R S A geregistreer. Die maatskappy open 'n tjakrekening op 7 Mei 1987 en op daardie stadium reeds gebruik Palazzolo sy toekomstige naam van Von Palace Kolbachenko.
87. Op 9. 6.1987 dra De Pontes R50 000 oor vanaf Papillon se rekening na sy eie bankrekening. Hy het die

1) Sien Afd I

geld skynbaar nodig gehad om ten dele vir sy verkiesingskoste te betaal. Op dieselfde dag is 'n tjek van Papillon ten bedrae van R42 000 inbetaal in die Nasionale Party se verkiesingsrekening vir Oos-Londen stad. Die rekening was op daardie stadium met ongeveer R13 000 in 'n debiet.

88. Op 18. 6.1987 rig adjunk-minister Kent Durr 'n brief aan De Pontes oor die motorvoertuie en spreek hom skerp aan omdat foutiewe inligting aan die departement gegee is.
89. Op 30. 6.1987 koop Papillon 'n Mercedes Benz vir R61,600. Die motor is teen 'n afslag verskaf as 'n guns vir De Pontes. Palazzolo het De Pontes die keuse gegee om die voertuig in sy eie naam te laat registreer maar De Pontes verkies dat dit in die naam van Papillon geregistreer moet word. Die voertuig is tot sy voltydse beskikking gestel en word tans nog deur hom gebruik.
90. Palazzolo se trust het op 13. 8.1987 'n lening aan Douw Steyn gemaak van R29,000. Die geld is nie rentedraend nie en was terugbetaalbaar op 29. 2.1988. Dit is nog nie terugbetaal nie en 'n onbepaalde uitstel is verleent,
91. Op 19. 8.1987 word Palazzolo se van verander Von Palace Kolbachenco kragtens 'n kennisgewing in die Ciskeise staatskoerant. Op onverklaarbare wyse verander sy voornaam van Vito Roberto na Robert.
92. Op 24 Augustus onderneem De Pontes namens die Nasionale Party om die R42,000 terug te betaal. Die skuld bedra rente teen prima plus 1%. Geen datum van terugbetaling is op ooreengekom nie. In sy persoonlike hoedanigheid onderteken hy 'n verdere skulderkenning waarkragtens hy onderneem om die R50,000 vry van rente terug te betaal teen betalings van tussen R3,000 en R5,000 per maand.

Sodanige betalings is nooit gemaak nie aangesien die ooreenkoms tussen hom en Papillon skynbaar was dat hy R5,000 per maand direkteursvergoeding sou kry. Die R50,000 is ook later in verrekening gebring.

93. Gedurende Augustus 1987 het De Pontes R240,000 Papillon aandele kragtens 'n blanko oordrag van die aandele ontvang sonder dat hierdie aandeletransaksie geregistreer is. Die rede hiervoor was dat volgens inligting die oordrag van die aandele nie aan De Pontes vanweë valutabeheer kon geskied nie.
94. Op 30. 8.1987 tree De Pontes met Scheffer in verbinding. Hy kom ooreen om Scheffer na Kaapstad te laat kom op sy of Palazzolo se onkoste. Scheffer kon dan 'n gratis reis Kaap toe hê en hier vakansie kom hou. Hy moes egter in hierdie tyd behulpsaam wees met die invul van die vorms om aansoek om permanente vestiging vir Palazzolo en sy groep. De Pontes het ook vir Scheffer op die lughawe ontmoet en hom daarna aan Palazzolo voorgestel. Volgens hom het hy ook 'n dekkingsbrief van sy firma aan Scheffer verskaf om saam met die ingevulde vorms te neem. Presies wat by hierdie verskillende geleenthede plaasgevind het, is moeilik te bepaal aangesien De Pontes en Scheffer se getuenis verskil.
95. Om en by 21 en 22. 9.1987 het 'n aantal interessante gebeure plaasgevind.
 - (a) Douw Steyn verskaf, na 'n bespreking met De Pontes 'n getuigskrif ten aansien van Palazzolo en seuns vir voorlegging aan die departement van Binnelandse Sake. Dit is gemeensaak dat deel van die inhoud van daardie stukke opsetlik vals is.
 - (b) Palazzolo het intussen 'n goue ampsketting ter waarde van ongeveer R18,000 vir president Sebe laat maak. Volgens 'n nota van De Pontes se

sekretaresse is gereël dat die oorhandiging van die ketting gelyktydig sou plaasvind met die voorlegging van sekere voorstelle aan Ciskei. De Pontes wou die president vir ongeveer 'n halfuur of 'n uur alleen sien, dan die voorlegging aan die volle komitee maak en aan die einde daarvan met 'groot geskal die president se ketting aan hom oorhandig.' Dit het ook gebeur.

- (c) Op 22 September het Palazzolo namens Papillon 'n tjek ten bedrae van R15,000 aan mnr Mafani oorhandig. Mafani was 'n gevoldmagtigde ambassadeur en amptenaar in die kantoor van die president. Daar is 'n dokument wat stel dat dit 'n lening was.
- (d) Die eerste voorlegging gemaak, is 'n memorandum tesame met 'n konsepooreenkoms ten aansien van die radio, televisie en videoregte vir Ciskei. In terme van die ooreenkoms is hierdie regte aan Papillon verskaf. Die huidige uitsaaikorporasie se bates moes aan Papillon verkoop word en Papillon sou driekwart en die Ciskeise regering 'n kwart van die aandele in die nuwe maatskappy hou. Die belangrike bepalings vir doeleindes van hierdie verslag in die ooreenkoms is dat 'the radio service shall at all times be loyal to the government and shall in its broadcast promote the image of Ciskei and its leaders' en 'the radio service shall furthermore at all reasonable times grant transmission time to his Excellency President L L W Sebe and any other ministers of state or persons that the government may direct. Such persons shall furthermore be assisted in every way to ensure the maximum impact in the broadcasting time afforded them.' In die voorlegging word die belofte gemaak dat 'to help rebuild the esteem of president L L W Sebe, Radio Amatola will quote all announcements made by the

president in its news bulletins. Very important messages will be broadcast direct or recorded for transmission at a later stage.'

(e) Die tweede voorlegging het betrekking gehad op die Ciskeise monetêre owerheid en 'n Ciskeise nasionale bank. Weer eens is konsepooreenkomste aan Ciskei voorgelê namens Papillon. Die funksie van die Ciskeise monetêre owerheid was om die funksies van die S A Reserwebank in Ciskei oor te neem en Papillon sou die nodige deskundigheid in hierdie verband verskaf. Inderdaad sou Papillon 'n aantal van die direkteure nomineer en die president sou hulle moes aanstel. Die Nasionale Bank sou deur Papillon opgerig word en die Ciskei regering sou die reg verkry om tot 25% van die aandeelhouding te bekom. Die direksie sou deur Papillon beheer word. Die bank sou optree as bankiers vir die Ciskeise regering asook alle regeringsagentskappe en organe deur die Ciskeise regering gekontroleer.

ARCHIVE FOR JUSTICE

96. De Pontes beweer dat hy en Palazzolo op 21. 9.1987 'n mondelinge ooreenkoms bereik het ten aansien van die radioregte en die bankregte. Hierdie regte sou in Papillon vestig en die R50,000 wat de Pontes vantevore geleent het, sou afgaan as gedeeltelike betaling vir die radioregte wat hy verkry het. Hierdie ooreenkoms is volgens De Pontes in Januarie 1988 op skrif gestel en deur die partye geteken. Palazzolo betwiss sy handtekening op die dokument.
97. Op 9.11.1987 reik Ciskei 'n identiteitsdokument en reisdokument uit aan Palazzolo in sy nuwe naam. Die een dokument toon aan dat hy in Burgersdorp in die Kaap gebore is en die ander toon aan dat hy in Wes-Duitsland gebore is. De Pontes het hierdie foute opgemerk en desnieteenstaande stuur hy op 16.11.1987 gesertifiseerde

afskrifte van die tersaaklike bladsye van hierdie dokumente aan die Direkteur-generaal van Binnelandse Sake sonder enige kommentaar oor die foute. Uit 'n brief van dieselfde dag gerig deur De Pontes aan Scheffer blyk dit dat die Switserse stukke nog nie gefinaliseer is nie en dat, sodra dit gefinaliseer is, dit aan Scheffer verskaf sou word. Dit val vreemd op die oor aangesien De Pontes by sy brief aan die Direkteur-generaal van 2. 9.1987 na bewering die oorkonde met gewaarmerkte vertaling aangeheg het. Daar is geen dokument na 16 November wat daarop dui dat die Switserse stukke wel aan die departement versend is nie.

98. Op 21.12.1987 dra Scheffer Palazzolo se aansoek om permanente verblyf in die R S A voor aan die immigrantekeurkomitee van die departement van Binnelandse Sake. Die aansoek is deur daardie komitee goedgekeur. Wat Scheffer die komitee meegedeel het en wat in die lêer was, is nie vas te stel nie. Soos later sal blyk, is hierdie lêer gesteal en heelwaarskynlik vernietig.¹⁾ Na aanleiding van hierdie besluit word permitte vir blywende vestiging dan op 23 Desember uitgereik en onderteken deur ene Van Vuuren namens die Direkteur-generaal. De Pontes het onmiddellik stappe geneem sodat hierdie permitte by Scheffer afgehaal kon word.
99. Gedurende Desember het Palazzolo ook 'n blanko oordragvorm vir die Papillon aandele onderteken waarvolgens al die aandele oorgedra word aan De Pontes.²⁾ Ook hierdie oordrag is nie uitgevoer.
100. Januarie 1988 het heel dramaties verloop. Die gerugte van 'n verkiesing het sterk in die lug gehang en

1) Sien Afd J

2) Vgl par 93

gerugte het ontstaan dat Palazzolo onwettig die land binnegekom het. Dit het De Pontes besonderlik ontstel.

101. Scheffer het 'n afspraak gehad om vakansie te hou by Palazzolo. Palazzolo het die vliegtuigkaartjie van Pretoria na Kaapstad en terug laat uitreik en betaal. De Pontes het hiervan te hore gekom. Hy het met Scheffer in verbinding getree en hom versoek om oor Oos-Londen Kaapstad toe te vlieg. De Pontes het die nodige reëlings vir die wysiging van die vliegtuigkaartjie getref en die addisionele betaling gemaak. Hy het Scheffer versoek om Palazzolo se departementele lêer met hom saam te bring.
102. De Pontes was bekommernet gewees dat beweerde 'regse' elemente sou vasstel dat Scheffer hom besoek. Hy het toe opdrag aan sy sekretaresse gegee om 'n bespreking namens Scheffer onder 'n skuil- of vals naam by 'n hotel te maak. Sy sekretaresse het Scheffer op die lughawe afgehaal en hom hotel toe geneem waar die bespreking reeds gedoen is op h vals naam. De Pontes was reeds in die kamer van Scheffer toe Scheffer daar opdaag. Scheffer beweer dat hy die lêers by hom gehad het en dit aan De Pontes oorhandig het. De Pontes beweer dat Scheffer hom meegedeel het dat hy die lêers nie kon bring nie. Hoe dit ookal sy, die partye het 'n samespreking gevoer in sy kamer en het daarna aandete genuttig. De Pontes het Scheffer onder andere versoek om vas te stel of Palazzolo nie op die paspoort van Frapolli die land binnegekom het nie. Dié kon eers die Maandag gedoen word. Scheffer het toe die naweek in 'n luukse hotel deurgebring op De Pontes se koste (ongeveer R500) en De Pontes het 'n Mercedes Benz motorvoertuig by Rothbart geleen sodat Scheffer die naweek daarmee kon rondry.

103. Navrae die Maandag het nie veel opgelewer nie en Scheffer en De Pontes het toe Kaapstad toe gevlieg. Scheffer beweer dat tydens sy besoek aan Oos-Londen het De Pontes aan sy eie lêer getorring en het hulle saam brieue vervals ten einde 'n duplikaat lêer op te bou. Hierdie bewerings word betwiss deur De Pontes.
104. Ten spyte van De Pontes se geweldige ongemak oor die aangeleenheid oorhandig hy die uitgereikte permitte aan Palazzolo op 11. 1.1988 in die geselskap van Scheffer. Scheffer het verder 'n week by Palazzolo op sy plaas gekuier en hy het selfs klerasie by hom afgebedel.
105. Scheffer is terug Pretoria toe en De Pontes het sy sekretaresse, mevrou Scholtz, opdrag gegee om Pretoria toe te gaan om die lêer persoonlik in te sien en om 'n komperuitdruk ten aansien van Palazzolo se binnekoms te verkry. Mevrou Scholtz was in ieder geval op pad Senekal toe maar De Pontes het toe onderneem om haar volle vliegtuigreiskoste te betaal wat hy ook gedoen het. Mevrou Scholtz beweer dat sy nie die lêers ter insae gekry het nie. Wat sy wel van Scheffer ontvang, was 'n komperuitdruk. Wat gebeur het, is dat Scheffer op 18 Januarie inligting aan die komperdames verskaf het wat sou aandui dat Palazzolo op sy eie paspoort op 26.12.1986 die land binnegekom het. Geen ander inligting is in die komper ingevoer nie. Hierdie inligting wat op daardie dag ingevoer is, verskyn op 'n fotokopie van 'n komper-uitdruk wat toe aan mev Scholtz verskaf is. Sy het dit mettertyd aan De Pontes oorhandig.
106. Op 23. 1.1988, beweer De Pontes, het hy en Palazzolo die ooreenkoms van 21. 9.1987 onderteken vir rekorddoeleindes en 'n verdere ooreenkoms gesluit

waarvolgens De Pontes die Papillon-aandele oorneem. Die netto bate waarde van die aandele is bereken op R455 000. Gesien in die geheel van die transaksie beteken dit eenvoudig dat De Pontes byna 'n R¹/2 miljoen se bates bekom het sonder dat hy een sent uitgelê het. Die detail van die ooreenkoms is vir huidige doeleindest nie relevant nie. Weer eens betwis Palazzolo dat die ooreenkoms gesluit is en beweer hy dat sy handtekening vervals is. De Pontes betwis dit.

107. Op 31. 1.1988 word Palazzolo gearresteer op 'n klagte dat hy die land onwettig binnegekom het. Op 6 Februarie keer hy vrywillig terug na Switserland om die res van sy gevangenisstraf uit te dien. Tydens sy aanhouding het hy na bewering sekere dokumente onderteken ten einde De Pontes volle beheer oor Papillon te gee. Daardie handtekeninge is ook in geskil.
108. Op 7. 3.1988 trek die Ciskeise regering Palazzolo se burgerskap terug op grond daarvan dat dit verkry is as gevolg van bedrog. HIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988
109. Ten slotte kan gemeld word dat Palazzolo se medebeskuldigde, ene Della Torre, se hersiening op 14. 4.1988 geslaag het. Dit skyn dus asof daar wel meriete in Palazzolo se hersiening was.

HOOFSTUK 2

ANALISE VAN DIE GETUIENIS

D. INLEIDING

110. In hierdie hoofstuk word die toutjies bymekaar gebring en word die onderskeie relevante gebeure geanaliseer. Na aanleiding van hierdie analise sal die gevolgtrekkings en aanbevelings mettertyd gemaak word.

E. PALAZZOLO SE BINNEKOMS IN DIE R S A

111. Aangesien Palazzolo die houer van 'n Italiaanse paspoort was, het hy 'n visum benodig om die R S A te betree. 'n Visum is hom deur die minister geweier. Palazzolo het die land op 26.12.1986 deur Jan Smuts Lughawe binnekomen op die paspoort van Frapolli. Frapolli se foto is op die paspoort met Palazzolo s'n vervang. Palazzolo het ook valse inligting op sy binnekoms-vorm ingevul.

112. Palazzolo beweer dat De Pontes geweet het van sy voorgenoeme ontsnapping by die Switserse tronk op 24.12.1986 en sy voorgenome binnekoms op 26 Desember in die R S A. De Pontes ontken hierdie bewerings. Daar is 'n stawing vir Palazzolo se bewering in die beëdigde verklaring van Rothbart wat hierbo aangehaal is in paragraaf 74. Soos aangedui, het Rothbart getuig in 'n poging om die skade wat sy beëdigde verklaring aan De Pontes se weergawe verrig het, reg te stel. Hy het getuig dat sy beëdigde verklaring onjuis is. Volgens sy reggestelde getuienis het De Pontes nie van Palazzolo se voorgenome binnekoms geweet nie. Rothbart se getuienis ter regstelling is so ongeloofwaardig en vol teenstrydighede dat dit nie die moeite loon om dit te analiseer nie.

113. Ten spyte van Rothbart se onsuksesvolle poging tot regstelling is ek nie tevrede dat De Pontes se ontkenning vals is nie. Die rede is die volgende: By sy aankoms op die Jan Smuts het Palazzolo vir Robert De Lange in Oos-Londen geskakel. De Lange het op sy beurt De Pontes aan die Oos-rand gekontak en hom meegeedeel van Palazzolo se binnekoms. Volgens De Lange was De Pontes verbaas gewees. As Palazzolo kort vantevore met De Pontes sou gepraat het (soos hy beweer), moes hy in telefoniese verbinding met hom gewees het waar De Pontes in Transvaal vakansie gehou het. Op die waarskynlikhede kon Palazzolo nie vir De Pontes in die tyd geredelik gekontak het nie. As egter veronderstel word dat Palazzolo op 24 Desember met de Pontes gepraat het, sou De Pontes hom tog sy telefoonnummer in Transvaal verskaf het. Palazzolo sou dan nie Oos-Londen toe geskakel het om De Pontes op te spoor nie. Dit is dus onwaarskynlik dat De Pontes vooraf kennis gedra het van Palazzolo se voorgenome binnekoms op 26 Desember.

114. Nadat De Lange vir De Pontes geskakel het, is De Pontes onmiddellik na die lughawe waar hy Palazzolo en sy familie ontmoet het. Die volgende vraag wat oorweging verdien, is of De Pontes bewus geword het van Palazzolo se onreëlmatige binnekoms en, indien wel, wanneer?

115. De Pontes het op daardie stadium geweet dat

- (a) Palazzolo geen verblyfpermit vir Ciskei gehad het nie; en
- (b) Palazzolo nie 'n visum vir die R S A gehad het nie.

Mens sou dus verwag dat De Pontes onmiddellik sou besef het dat Palazzolo die land onreëlmatig binnegekom het en dat hy onmiddellik navraag sou gedoen het oor die wyse waarop Palazzolo die land binnegekom het.

In De Pontes se verklaring van 4. 3.1988 (P 70) meld hy nie of hy enige navraag in hierdie verband op daardie stadium gedoen het nie. Hy meld wel dat hy aan die begin Januarie 1988 navraag oor die aangeleentheid gedoen het en hy het Palazzolo versoek om sy paspoort. Daar was volgens hom geen binnekomsstempel daarin nie en, sê hy, 'meneer Palazzolo het verduidelik dat hy 'n brief van president Sebe aan die beamptes by Jan Smuts getoon en dat hy op grond daarvan toegelaat is om die land binne te kom.'

Hierteenoor moet sy getuienis voor die kommissie gestel word. Nou is sy saak dat die verduideliking aan hom op 26.12.1986 op die lughawe gegee is. Dit is nie te versoene met die aangehaalde verklaring nie. In ieder geval is die verklaring in 'n ander oopsig misleidend. Dit skep die indruk asof De Pontes eers in Januarie 1988 gemerk het dat daar geen binnekomsstempel in Palazzolo se paspoort was nie. Volgens sy getuienis het hy dit al gedurende Maart 1987 geweet.

116. De Pontes het in die loop van sy getuienis te kenne gegee dat hy geglo het dat Palazzolo in transito na Ciskei was. Hierdie verduideliking van hom is onsinnig omdat 'n persoon natuurlik nie in transito kan wees tensy hy of 'n in transito visum het om die land te betree of indien hy nog in die internasionale gedeelte van die lughawe is nie. Sy getuienis dat hy geglo het dat Palazzolo in transito was, is 'n duidelike nagedagtenis veral indien in ag geneem word dat Palazzolo na

bewering die voormalde verduideliking aan hom sou gegee het.

117. Tydens 'n onderhou met die polisie (wat op band opgeneem is) het De Pontes onder andere die volgende gesê:

'Ek het vir hulle gehelp om kaartjies af te bespreek Oos-Londen toe, hulle is Oos-Londen toe en die volgende dag is hulle ek dink Ciskei toe
...'

Palazzolo het inderdaad Oos-Londen toe gevlieg maar onder die naam Pratolli wat opsigtelik 'n verwronge weergawe van die naam Frapolli is. De Pontes se getuenis is egter nou dat toe hy by die lughawe aangekom het, het Palazzolo alreeds die kaartjies aangekoop en het hy wat De Pontes is slegs die lughawepersoneel versoek om Palazzolo behulpsaam te wees om 'n vlug te bekom. Hierdie getuenis is nie te versoen met sy vorige weergawe nie.

118. Palazzolo en sy geselskap het toe na Oos-Londen vertrek, is deur De Lange op die lughawe ontmoet en het in die Osner hotel gebly tot 31 Desember. Hulle is inbespreek onder die naam Frapolli. Volgens die rekords van die hotel is die bespreking gedaan deur De Pontes. Volgens De Lange het De Pontes hom versoek om Palazzolo na die Osner hotel te neem. De Pontes se antwoord hierop is dat hy nie kan onthou dat hy die bespreking van die hotel akkommodasie self sou verrig het nie. Hy sê dit is onwaarskynlik omdat hy nie normaalweg 'n bespreking in 'n hotel sal doen nie. Natuurlik was die omstandighede in hierdie geval buiten-gewoon. Wat eienaardig opval, is die feit dat hierdie ongeveer die enigste aangeleentheid wat in die ondersoek ter sprake gekom het wat De

Pontes nie kan onthou nie. Wat ook opval, is dat De Lange se getuienis op hierdie punt nie deur De Pontes se advokaat tydens De Lange se getuienis in geskil geplaas is nie.

De Pontes se standpunt is dat daar 'n verdere waarskynlikheid is waarom hy nie die Osner bespreking sou gedoen het nie. Hy sê dat hy dit nie sou duld dat Palazzolo onder 'n vals naam inbespreek word by 'n hotel nie. Komende van iemand wat later opdrag aan sy sekretaresse gee om Scheffer onder 'n vals naam by 'n hotel in te bespreek, klink hierdie verduideliking bra hol.

119. Toe die gerugte om Palazzolo se binnekoms in Januarie 1988 ontstaan het en De Pontes vir Scheffer laat kom het om die lêers saam te bring, het Pontes, volgens sy sekretaresse mev Scholtz, gesê dat hy die gevoel gekry het dat Palazzolo 'n ander persoon se paspoort kon gebruik het en het hy toe Scheffer gevra om vas te stel of die departementele rekords nie aantoon dat die paspoort van Frapolli vir die binnekoms gebruik is nie. Die rede waarom De Pontes gedink het dat Palazzolo onder Frapolli se paspoort die land binne gekom het, is volgens sy getuienis die volgende:

'V: Wat op aarde het u laat dink aan die naam Frapolli? --- Daar was gerugte dat mnr Palazzolo onder 'n ander persoon, 'n vriend van hom, se naam ingekom het. Ek ken mnr Frapolli. Hy en mnr Palazzolo is min of meer dieselfde grote ens en die gedagte het opgekom dat dit moontlik hy kon wees.

V: Was die gerugte, sê jy nou, dat hy onder 'n vriend van hom se naam ingekom het? --- Ja of 'n ander persoon ...

V: Ja want dit is die eerste keer wat ek nou

hoor van 'n vriend ... --- 'n Ander persoon.' Hierdie verduideliking is ook maar hol.

120. Indien al bogenoemde faktore saamgeneem word, moet De Pontes se bewering omtrent sy kennis en geloof oor Palazzolo se onregmatige binnekoms verwerp word en word dit bevind dat hy ten minste sedert 26.12.1986 geweet het dat Palazzolo die land onregmatig binnegekom het. Dit is ook die enigste redelike verduideliking vir sy rondgeskarrel om die departementele rekords in die hande te kry toe die gerugte in Januarie 1988 ontstaan het.
121. 'n Verbandhoudende vraag is of De Pontes geweet het van Palazzolo se voorgenome ontsnapping uit die Switserse gevangenis en, indien nie, of hy daarvan bewus geword het voor Palazzolo se arres op 31. 1.1988. Palazzolo beweer in hierdie verband dat De Pontes te alle tye kennis van sy voorgenome ontsnapping en sy daadwerklike ontsnapping gehad he. De Pontes ontken hierdie bewerings. Dit mag net bygevoeg word dat mej De Lange (Palazzolo se sekretaresse) oortuig is van die feit dat haar broer Robert de Lange en De Pontes ten volle bewus was van die feit dat Palazzolo uit die Switserse gevangenis ontsnap het. Hoewel aanvaar word dat haar oortuiging eg is, kon sy nie feite verskaf waarop haar oortuiging gebaseer is nie. Daar kan gevolglik beswaarlik bewyswaarde aan haar oortuiging geheg word. Die vraag is dan of die beskikbare objektiewe feite juf De Lange se oortuiging bevestig. Die feite word vervolgens verder gearnaliseer.
122. Ontsнapping uit 'n gevangenis is nie 'n misdryf ooreenkomsdig die Switserse reg nie. Dit kan as

'n feit aanvaar word. Palazzolo het hierdie feit aan De Pontes oorgedra. Wanneer en onder welke omstandighede, kon De Pontes nie onthou nie. Hoekom Palazzolo dit sou meegeledeel het, kon De Pontes ook nie verantwoord nie. Tensy aanvaar word dat die mededeling deel was van 'n koffiegeklets, is die enigste verduideliking dat dit was om De Pontes gerus te stel dat 'n ontsnapping nie onregmatig sal wees of was nie.

123. De Pontes het Palazzolo in die gevangenis in Switserland ontmoet in laasgenoemde hoedanigheid as 'n veroordeelde gevangene. Ten spyte daarvan bespreek Palazzolo en De Pontes op twee geleenthede in die gevangenis (Julie en Oktober 1986) die kwessie van 'n moontlike uitlewering vanaf die R S A aan Switserland. Hoe uitlewering ter sprake kon kom in 'n ander konteks as 'n onwettige vertrek uit Switserland kon De Pontes hoegenaamd nie verduidelik nie.
124. Met die invoer van die Palazzolo motors in Maart 1987 het De Pontes aan die doeanebeampte (Dyck) verduidelik dat die nodige dokumentasie nie uit Europa bekom kon word nie omdat Palazzolo 'had left Europe as secretly as possible in order that he could not be traced now or at a later stage ...' Selfs al word De Pontes se amendement aanvaar naamlik dat die woord 'secretly' vervang moet word met die woord 'quietly' is dit nie moontlik om 'n onskuldige interpretasie aan hierdie stelling te heg nie.
125. De Pontes het ook getuig dat hy geglo het dat voordat Palazzolo na die R S A gekom het, sy vonnis ten dele tersyde gestel is deur 'n hersieningshof. Sy geloof is glo gebaseer op wat

Palazzolo hom een of ander tyd sou meegedeel het. Hierdie stelling van de Pontes word vervolgens naderby bekyk.

126. Palazzolo het in hoër beroep teen sy skuldigbevinding en vonnisse gegaan. Tegnies kan die beroep verdeel word tussen 'n appèl eo nomine en 'n hersiening. De Pontes getuig dat hy geglo het dat die hersiening geslaag het. Hy kon natuurlik nie getuig dat hy geglo het dat die appèl geslaag het nie omdat sy korrespondensie gedurende September 1987 aandui dat die appéél nog hangende is. In hierdie verband moet ook in ag geneem word dat De Pontes geweet het dat Palazzolo nie geregtig was op borg hangende sy appèl nie. Dit beteken dat toe hy in September 1987 gesê het dat die appèl nog hangende is, kon Palazzolo nie op daardie grond op daardie stadium uit die gevangenis wees nie. Toe De Pontes met hierdie feit gekonfronteer is, het hy verkies om sy antwoord voor te behou en hy is die kommissie nog steeds 'n antwoord skuldig.

ARCHIVE FOR JUSTICE

127. De Pontes het ten minste drie geleenthede gehad om te getuig oor sy geloof. Hy het dit nie gedoen tydens sy polisie-onderhou wat op band opgeneem is gedurende Maart 1988 nie. Hy het dit ook nie genoem in sy self opgestelde verklaring van 4. 3.1988 nie. Geen melding is van die feit gemaak in die loop van sy getuenis in hoof nie. Dit is eers geopper in die loop van sy kruisondervraging.
128. Selfs al word veronderstel dat dit bloot toevallig is dat hy nie die aangeleentheid op 'n vroeëer stadium genoem het nie, is die probleem met sy huidige relaas dat dit nie te ryme is met sy gemelde verklaring nie. In sy verklaring tref

hy nie 'n onderskeid tussen 'n appèl en hersiening nie en gebruik hy die woord 'appèl' om ook na die sogenaamde hersiening te verwys. Dit is dus waarkynlik dat hy voor die datum van daardie verklaring ook nie die betrokke onderskeid sou getref het nie soos byvoorbeeld in sy brief van 2. 9.1987.

129. Dit is miskien doenlik om uit daardie brief wat gerig is aan die Directeur-generaal, Departement van Binnelandse Sake gedeeltelik aan te haal.
Dit lui soos volg:

'Switserse posisie: Paragraaf 4 van aansoekvorm verwys: Ons bevestig dat ons kliënt tans skuldig bevind en gevonnis is in terme van die Switserse Statutêre Reg met betrekking tot die hanteer van fondse namens kliënte waar sodanige fondse vermoed word uit 'n onwettige bron verkry is. Die oorspronklike oorkonde (in Italiaans) word hierby ingesluit, tesame met 'n gewaarmerkte vertaling in Engels daarvan. Daaruit sal duidelik blyk dat die betrokke oortreding nie 'n oortreding in Suid-Afrika sou uitmaak nie en na ons kliënt se mening inderdaad ook nie juridies korrek is nie, in terme van die Switserse Reg nie - vandaar dat die aangeleentheid tans op appèl is wat hangende is. Volledigheidshalwe sluit ons weereens - soos ook by die visum aansoek gedoen is - 'n uiteensetting van sy prokureur, mnr Mario Postizzi hierby in wat die posisie, soos hy dit sien, uiteensit asook gronde van appèl ens.'

130. Die probleem met hierdie uiteensetting is dat die oorspronklike oorkonde waarna verwys word asook die uiteensetting van die prokureur dat hy uiteensetting gee van die stand van sake soos in Julie 1986, m a w alvorens enige hersiening kon

geslaag het. Dit het De Pontes geweet. As sy getuienis die waarheid is, word hoegenaamd nie verstaan hoekom hy as deel van sy aansoek om permanente vestiging die feit sou verswyg het dat 'n wesenlike deel van die beslissing tersyde gestel is en word nie verstaan hoekom hy die posisie soos in daardie dokumente uiteengesit sou voorhou as die huidige ('tans') posisie nie.

131. Ten slotte, as die hersiening sou geslaag het dan sou, volgens De Pontes se begrip van die verrigtinge, die vonnis van Palazzolo verminder gewees het na 4 jaar gevangenisstraf bereken vanaf 20. 4.1984 en sou dus eers verstryk het op 19. 4.1988 en nie op 26.12.1986 toe Palazzolo gearriveer het nie. Hierdie aspek is nie met De Pontes in die loop van sy getuienis opgeneem nie en kan dus nie teen hom gebruik word nie. Hy kon moontlik geglo het dat Palazzolo afslag vir die res van sy gevangenisstraf kon ontvang het.
132. Om op te som: Die oorweldigende waarskynlikhede is dat De Pontes wel bewus was van die feit dat Palazzolo ontsnap het uit die Switserse gevangenis en hierdie kennis het hy sedert 26.12.1986 gehad.

F.

PALAZZOLO SE BEWEERDE VESTIGING IN CISKEI

133. Volgens 'n ongedateerde brief aan mnr Douw Steyn sou president Sebe 'n aansoek om tydelike verblyf in Ciskei goedgunstig oorweeg indien Palazzolo sekere finansiële voorwaardes sou nakom. Volgens die getuienis was een van hierdie voorwaardes dat Palazzolo ongeveer SF2, miljoen in Ciskei moes belê en die nodige reëlings in hierdie verband moes tref. Dit het Palazzolo tot vandag toe nog nie gedoen nie.
134. Ten spyte hiervan is 'n tydelike verblyfpermit aan Palazzolo uitgereik deur die Ciskeise regering en dit is gedaateer 13.10.1986. Soos egter blyk uit sowel De Pontes as Steyn se getuienis, is hierdie permit eers uitgereik na Palazzolo se binnekoms, d.w.s gedurende of ongeveer Januarie 1987. Mens kan maar net raai waarom die permit teruggedateer is.
135. Intussen het president Sebe op 22.10.1986 per brief reeds die nie-bestaaande aansoek om permanente vestiging van Palazzolo toegestaan. Die formele aansoek is in Januarie 1987 voorberei en waarskynlik ingedien en is weer deur president Sebe goedgekeur tesame met 'n onderneming om burgerskap aan Palazzolo te verskaf. 'n Permanente verblyfpermit is op 4.3.1987 aan Palazzolo uitgereik.
136. Die skema deur De Pontes vir Palazzolo uitgewerk, was dat Palazzolo permanente vestigingsregte in die Ciskei moes kry wat hom dan in staat sou stel om vrylik in die R.S.A rond te beweeg. Die toepaslike beginsel voorveronderstel natuurlik

dat Palazzolo homself permanent in Ciskei moes vestig. Volgens ooreenkoms tussen die R S A en Ciskei is 'n permanente inwoner van die een land geregtig om vrylik in die ander land rond te beweeg.

137. Die feit is egter dat Palazzolo homself nooit in Ciskei permanent wou vestig nie. Hy wou homself in die R S A permanent vestig. De Pontes was hiervan bewus. Om die probleem te oorkom het Palazzolo 'n woonstel in Ciskei gekoop vir R76,850 en 'n huis in Oos-Londen vir R350 000. Beide transaksies het plaasgevind in die eerste week van Januarie 1987. De Pontes het persoonlik gereël dat Palazzolo se meubels by sy Oos-Londen woning afgelewer word. Enkele meubelstukke is in die Ciskeise woonstel geplaas. Palazzolo het homself permanent in Oos-Londen gevvestig. Hy het nooit in die Ciskeise woonstel geslaap nie. Daar was ook nie klerasie nie. Hy het verder gegaan en in die loop van 1987 'n huis in Kaapstad gekoop vir meer as 'n R¹/2 miljoen en ook 'n plaas te Franshoek vir ongeveer R2,2 miljoen. Hy het sy kantoor in Kaapstad gevvestig. Hy self het gebly tussen die plaas en sy woning.
138. De Pontes was van al hierdie feite ten volle bewus. Nogtans ontken hy in die loop van sy getuienis dat Palazzolo homself permanent in die R S A gevvestig het. Sy standpunt is omdat Palazzolo 'n woonstel in Ciskei gehad het en dit partymaal as sy adres aangegee het, het Palazzolo homself permanent in Ciskei gevvestig. Dit is een van meerderge gevalle waar De Pontes sy regskennis op so 'n wyse wanaangepas het dat daar maar alleen 'n afleiding van mala fides geregverdig is.

139. Die optrede van De Pontes word nog erger as in ag geneem word dat toe Palazzolo homself alhier gevestig het, het hy nog nie 'n permanente verblyfreg in Ciskei gehad nie. In hierdie verband is die letter en gees van die ooreenkoms tussen die R S A en Ciskei geignoreer. Die volgende uittreksels uit De Pontes se getuienis spreek vir sigself.

VOORSITTER: Wanneer het mnr Palazzolo permanente verblyf in Ciskei gekry? --- In Oktober, net na my en mnr Steyn se terugkeer. Maar van wanneer af gee 'n president - ek bedoel mens kan mos nie hier in ons land na die Staatspresident toe gaan en 'n brief kry dat mens permanente verblyf kry nie. --- As u my net sal toelaat, dan sal ek u volledig antwoord. Uiteraard is daar 'n baie groter mate van direkte beheer in die Nasionale State soos wat dit maar elders in Afrika ook gaan. Die President het aangedui dat permanente verblyf aan mnr Palazzolo gegee sou word. Hy het kort na hy in die Ciskei ingekom het is tydelike verblyfpermitte aan hom uitgereik, terwyl sy permanente verblyfpermitte geprosesseer is.

VOORSITTER: Wanneer is die tydelike permitte uitgereik? In Maartmaand? --- Ek dink in Maartmaand. Met ander woorde, hy het van Desember tot Maart het hy nie 'n permit gehad nie wat statutêr uitgereik is nie? --- Dit is tegnies seker so. Nee, dit is regtens so. Ek bedoel, daar is tog 'n wet wat daar geld en net so hier geld. Dit is dieselfde wet. Is dit nie so nie? --- Dit is in opdrag en met toestemming van die President gedoen.

Ja, maar as daar 'n ooreenkoms tussen die Republiek en Ciskei is dat 'n persoon 'n permanente inwoner in die Ciskei, hier toegang het, dan verwag 'n mens tog seker dat daardie persoon 'n statutêre permanente verblyf in die Ciskei het en nie 'n informele permanente verblyf nie. --- Ek kan nie kommentaar lewer daarop nie.'

'VOORSITTER: Maar as ons nou praat van korrekte weë, die Ciskeise permanente verblyfbrief wat u van President Sebe gekry het is nie op die gewone statutêre wyse geprosesseer nie. Daar was nie 'n formele aansoek gewees nie. Dit is nie na die betrokke departement nie. U het met 'n presidensiële brief gegaan. --- Die wyse van hoe daar in die Ciskei gewerk word, dit het deur die amptelike kanale het dit gegaan na die President, deur sy Minister van Justisie. By mngr Palazzolo se aankoms is daar die nodige dokumente geprosesseer ensovoorts.

Ja, maar die onderneming om hom permanente toegang te gee is gegee voordat daar 'n formele aansoek was. Voordat die statutêre voorskrifte nagekom was. --- Dit is die werkswyse aldaar. Ja, maar dit is nie die voorgeskrewe statutêre werkswyse nie. Dit is die enigste punt wat ek maak. Stem u daarmee saam? --- Ek aanvaar dit so, maar ek sê ook net weer eens dat dit is nie abnomaal dat dit so sou werk nie.'

140. Die Ciskeise betrokkenheid by onreëlmaturgiede in verband met Palazzolo se binnekoms word grafies geïllustreer deur die binnekomsstempel wat in sy paspoort aangebring is. Soos reeds gemeld, is daar 'n Ciskeise binnekomsstempel gedateer 27.12.1987. Daardie stempel is gedurende Maart 1987 aangebring. Dit is nie aangebring om 'n

situasie in retrospek reg te stel nie. Dit is aangebring om die R S A se doeanebeamptes te mislei ten einde hulle te oorreed omdat Palazzolo homself reeds op daardie dag in Ciskei gevestig het sodat sy luukse motor (waarna later teruggekeer word)¹⁾ doeanevry die land kon binnekomm. Wie namens Palazzolo in hierdie verband opgetree het, kon nie in die loop van die getuienis vasgestel word nie maar dit staan vas dat mnr Douw Steyn persoonlike kennis van die aangeleentheid het en dus moontlik betrokke kon wees. De Pontes het volgens sy eie getuienis, gedurende hierdie tyd Palazzolo se paspoort onder sy gehad want hy moes Palazzolo behulpsaam wees by die klaring van die voertuie. Hy wil dat dit was nadat die stempel aangebring is. Dit is nie moontlik om in hierdie verband 'n feitebevinding te maak nie.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

1) Sien Afd I

WANVOORSTELLINGS AAN DIE DEPARTEMENT BINNELANDSE SAKE

141. Meerdere wanvoorstellings is aan die betrokke departement van tyd tot tyd gemaak. Die wanvoorstellings word vervolgens geanalyseer.
142. Palazzolo het tydens sy eerste konsultasie vir De Pontes meegedeel dat daar 'n Italiaanse lasbrief en aansoek om sy uitlewering is op grond daarvan dat hy georganiseerde misdaad sou gehelp het om geld te verberg. De Pontes het geweet dat hierdie 'n materiële feit is en dat Palazzolo waarskynlik nie in die R S A verblyfpermitte sou kry as hierdie feit bekend was nie. Hy het hierdie feit deurgaans verswyg.
143. De Pontes het meerdere male die department en die minister meegedeel dat die oortredings waaraan Palazzolo in Switserland skuldig bevind is, nie oortredings in terme van die Suid-Afrikaanse reg is nie. Dit is 'n verstommende stelling en nie net omdat De Pontes nie sinvol kon verduidelik op watter feite sy mening gebaseer was nie. Ten eerste is hy meegedeei dat Palazzolo geld uit Italië na Switserland gesmokkel het. Dit was 'n sogenaamde valuta-oortreding in De Pontes se oë. Dit het 'n valuta-oortreding in sy oë gebly selfs nadat, soos uit die voorafgaande paragraaf blyk, dit aan hom meegegee is dat die Italianers dit as hulp aan georganiseerde misdaad beskou. Ongelukkig vir De Pontes was dit nie die valuta-oortreding waarna hy verwys het in sy voorstellings aan die departement nie omdat die oorplasing van die geld uit Italië niks met sy skuldigbevinding in Switserland te doen gehad het nie. Selfs al word veronderstel dat De Pontes geglo het dat dit om 'n valuta-oortreding gegaan het, word nie verstaan hoe hy kan beweer dat

daarstel nie.

Palazzolo het De Pontes uitdruklik meegedeel dat hy daaraan skuldig bevind is dat hy dwelmhandelaars met opset by moontlikeidsbewussyn gefinansier het. Dit is natuurlik 'n misdryf in die R S A en was op daardie stadium strafbaar met 'n minimum gevangenisstraf van 5 jaar en 'n maksimum van 15 jaar.

144. Sy dekbrief aan die departement gedateer 2.9.1987 skep valslik die beeld dat Palazzolo in Ciskei woonagtig was terwyl De Pontes goed geweet het dat Palazzolo op daardie stadium in Kaapstad gewoon het. Met hierdie aspek is in meer detail reeds gehandel.¹⁾
145. De Pontes het 16.11.1987 die gesertifiseerde afskrifte uit Palazzolo se Ciskeiese identiteitsboek en reisdokument na die departement afgestuur sonder kommentaar. Hy het op daardie stadium geweet dat die inligting daarop deels vals is. Die een dokument sê naamlik dat Palazzolo in Burgersdorp gebore is en die ander een sê dat hy in Wes-Duitsland gebore is. Dit is moeilik om hierdie foute op die Ciskeiese dokumente af te maak as blote klerklike foute. (Terloops is dit redelik om te vermoed dat De Pontes sy aandadigheid aan die verkryging van hierdie dokumente in Ciskei ontken vanweé hierdie opsigtelike foutiewe inligting. Hierdie ontkenning bots met 'n beëdigde verklaring van hom gedateer 13. 3.1987 waar hy gesê het dat hy 'al die onderhandelings en aansoeke namens die betrokkenes (insluitende Palazzolo) in Ciskei hanteer het ...').²⁾

1) Sien Afd F

2) Sien par 158

146. De Pontes het die Palazzolo getuigskrifte wat opgestel is deur Steyn na die departement deurgestuur of laat deurstuur. Die getuigskrifte is in 'n wesentlike opsig vals. Steyn verklaar daarin dat hy die betrokke persone drie jaar reeds ken terwyl hy hulle slegs 'n jaar gelede ontmoet het. Steyn regverdig sy gedrag gedeeltelik deur te sê dat hy die verkeerde inligting aangebring het nadat hy die kwessie met De Pontes bespreek het en De Pontes hom aangesê of aangeraai het om dit te doen. De Pontes erken 'n gesprek met Steyn oor die getuigskrifte maar ontken dat hy vir Steyn sou gesê het om die valse inligting te verskaf. Wat andersins om die getuigskrifte te bespreke was, blyk egter nie uit die getuienis nie. In die lig van Steyn se erkende eie rol in die aangeleentheid, kan geen bevinding teen De Pontes gemaak.
147. De Pontes het die reeds dikwels gemelde dekkingsbrief van 2. 9.1987 opgestel en by implikasie het hy die inligting vervat in die aanhangsels bevestig. In sy getuienis ontken hy dat hy die aanhangsels nagegaan het. Al die aanhangsels is tans nie beskikbaar nie maar een aanhangsel bevat onteenseglike valse inligting en as De Pontes die aanhangsel sou gelees het, sou hy onmiddellik besef het dat die inligting vals is. Dit word daar byvoorbeeld gesê dat Palazzolo in Duitsland werksaam was vir die periode wat hy in Switserland in die gevangenis deurgebring het. Daar word verder gesê dat Palazzolo sedert Desember 1986 in Ciskei gewerk het. Die dokument stel ook dat Palazzolo nie 'n vorige naam gehad het nie. Die dokument is deur Palazzolo opgestel en is dus 'n valse voorstelling in sy eie handskrif. Dit is nie moontlik om 'n bevinding te

maak dat De Pontes wel die aanhangsels gelees het nie.

148. Dieselfde brief verwys na die rekord van die Switserse hofverrigtinge in die oorspronklike Italiaans en die vertaalde Engels. Dit beweer dat hierdie stukke by die brief aangeheg is. Daar is egter 'n brief van De Pontes van 16.11.1987 gerig aan Scheffer wat aandui dat die rekord op daardie laat stadium nog nie beskikbaar was nie. Aangesien De Pontes die betrokke brief van 2 September voor die tyd opgestel het, kan dit wees dat hy bloot nalatig was. Aan die ander kant volhard hy met die bewering dat die stukke wel aangeheg is.¹⁾
149. Soos later sal blyk het Scheffer homself ook aan meerder wanvoorstellings aan die departement skuldig gemaak. Aangesien Palazzolo nie getuig het nie is dit nie moontlik om verdere bevindings teen hom in hierdie aspek uit te bring nie.

ARCHIVE FOR JUSTICE

South African History Archive - Since 1988

1) Vgl verder par 169

H. BEWEERDE VALUTA EN VERWANTE OORTREDINGS

150. Volgens De Pontes was sy ooreenkoms met Palazzolo ten aansien van die tjek van 26 200 dollar dat 1,200 dollar aan De Lange betaal moes word om sy vakansiekoste deels te delg en die balans moes ten dele aangewend word as 'n donasie aan 'n Ciskeise Welsynsorganisasie en ten dele ter betaling van De Pontes se uitgawes. Indien die bedrag by wyse van finansiële rand die land binne gebring kon word, kon dit omgesit word in ongeveer R118 000. Indien dit egter in kommersiële rand die land binne gebring moes word, sou dit R38 366 oplewer.

De Pontes het toe aansoek gedoen op 1.10.1986 om die bedrag by wyse van finansiële rand die land binne te bring. In hierdie aansoek verklaar hy dat die bedrag 'n eerste deel is van 'n inisiële belegging van SF2 miljoen en hy sit dan uiteen waarvoor die kapitaal aangewend sou word. Dit verwys na die verkryging van 'n groot aantal eiendomme. Hierdie verklaring is duidelik vals. Die aansoek om finansiële rand is van die hand gewys. Die geld is by wyse van kommersiële rand die land binne gebring. Dit is erkende praktyk dat indien vreemde valuta verkoop word, die nodige vorm ingevul moet word. De Pontes het 'n vorm gedateer 27. 1.1987 geteken. Daarin word gesê dat die bedrag van die V S A afkomstig is en dat dit die gevolg is van 'n transaksie getiteld 'professionele dienste.' Dit is natuurlik vals. De Pontes het aanvanklik ontken dat hy so 'n vorm sou onderteken het. Toe die vorm aan hom voorgelê is, het hy erken dat sy handtekening daarop voorkom maar voorgegee dat hy die dokument waarskynlik in blanco geteken het. Hy plaas die skuld op die bankamptenaar wat die vorm ingevul het. Die bankamptenaar is nie as getuie geroep

nie en voorlopig moet De Pontes se weergawe vir doeleindes van hierdie verslag aanvaar word.

151. 'n Ander probleem om die betrokke tjek is die feit dat volgens De Pontes se aanvanklike getuienis was die geld trustgeld wat aan hom in sy hoedanigheid as prokureur betaal is. Ten spyte daarvan:
- (a) het hy nie die bedrag in trust inbetaal nie;
 - (b) het hy nie teenoor sy firma verreken nie;
 - (c) het hy voordat die uitgawes in terme van sy opdrag aangegaan is, die grootste gedeelte van die bedrag na sy privaat rekening ooregedra; en
 - (d) het hy nooit teenoor sy kliënt verreken nie. Hierdie laasgenoemde aspek regverdig hy op die basis dat Palazzolo op een of ander stadium vir hom sou gesê het dat hy die balans kan hou en dat hy nie hoef te verreken nie.

Toe die implikasies van sy optrede vir hom duidelik word in die loop van sy getuienis, het De Pontes teruggekrabbel op sy weergawe dat die geld trustgeld was.

152. De Pontes het aan die begin 1987 deur die bemiddeling van Boland Bank 'n aansoek laat voorberei vir die vrylating van finansiële rand met die oog op die verkryging van die aandele in 'n maatskappy bekend as Triggs Edm Bpk. Die detail van Triggs of die aansoek is vir doeleindes van hierdie verslag nie relevant nie.

Al wat relevant is, is die feit dat die aansoek soos hy staan ten minste twee wesenlike valse voorstellings bevat. In die oopsig kan dit 'n poging tot bedrog daarstel.

De Pontes se eerste verweer is dat hy die inligting bloot aan Boland Bank verskaf het en dat Boland Bank hom nie reg verstaan het nie. Hierdie standpunt van hom het niks om die lyf nie gesien sy aanvanklike getuienis dat 'dit deur my, in samewerking van die bank opgestel is,' Daarbenewens het hy die dokument soos deur die bank opgestel nagegaan, klein wysigings aangebring en goedgekeur. Dit argumenteer hy weg deur te sê dat hy net die syfers en nie die teks van die bank nagegaan het nie.

Sy tweede verweer is dat die dokument 'n blote konsep daarstel met die oog op wat die posisie sou wees mits sekere ooreenkomste bereik sou word. Hoewel daar enkele probleme om hierdie verweer is, kan hierdie verweer nie verworp word nie.

153. Daar is 'n bewering van Palazzolo dat De Pontes deel van sy professionele gelde oorsee sou ontvang het en dat hy die geld in stryd met valutaregulasies oorsee gehou het. Dit is so dat Palazzolo so 'n aanbod aan De Pontes gemaak het en dat De Pontes die aanbod sou oorweeg. De Pontes ontken egter dat hy die aanbod aanvaar het of dat hy die geld ontvang het. Daar is geen feite beskikbaar waarop De Pontes se weergawe verworp kan word nie.
154. Palazzolo het finansiële rand wat vir bepaalde projekte vrygelaat is, vir ander doeleindes aangewend en De Pontes het wetens 'n voordeel daaruit bekom. Om kortliks op te som:

- (a) Koop Palazzolo 'n motor vir R61 000 vir De Pontes se uitsluitlike gebruik;
- (b) leen Palazzolo R50 000 aan De Pontes en hierdie bedrag word later afgesit teen die koopprys van radioregte;
- (c) leen Palazzolo R42 000 aan die Nasionale Party se verkiesingsrekening;
- (d) onderneem Palazzolo om R5 000 per maand direkteursvergoeding aan De Pontes te betaal; en
- (e) gee Palazzolo R130 000 se aandele in Papillon aan De Pontes.

De Pontes se verskoning was dat Palazzolo R100 000 sonder beperkings die land ingebring het. Ongelukkig werk die sommetjie dan nie uit nie.

155. Daarbenewens toe De Pontes meegedeel is dat Palazzolo nie Papillon aandele aan hom mag oordra nie vanweë valutabeheer, het De Pontes nogtans 'n getekende oordragvorm vir die aandele verkry en dit laat liasseer. Die aandele is egter nie formeel op sy naam oorgedra nie. Volgens De Pontes het Palazzolo die aandele as sy genomineerde gehou. Hierdie optrede van De Pontes regverdig hy daardeur dat hy ex post facto vasgestel het dat hy wel die aandele kon bekom en dat daar geen verbod in die valutaregulasies was nie. Hierdie regverdiging is 'n geldige strafregtelike verweer maar regverdig nie sy disrespek vir die reg nie. Hy was immers bereid om 'n transaksie te sluit en uit te voer wat volgens sy wete onwettig was.

Volgens De Pontes was die R130 000 aandele ¹⁾ ten dele vergoeding vir die verkryging van 'n verblyfreg in Ciskei. Daardie werk, sê De Pontes het hy as prokureur gedoen. Dit het hy dus namens sy firma gedoen. Hy het nogtans die vergoeding vir homself geneem. Streng gesproke kom die aandele (of 'n deel daarvan) die firma toe.



1) Sien par 81

I.

DIE INVOER VAN DIE MOTORS

156. Palazzolo en sy gesin het 'n aantal luukse motors ingevoer op De Pontes se naam. Tensy die voertuie die persoonlike eiendom van elkeen van die invoerders was en persoonlik deur so 'n persoon besit en gebruik is vir 'n periode van nie minder as 12 maande voor sy vertrek na die R S A, is 'n aansienlike doeane betaalbaar wat meer is as die waarde van die voertuig. Hierdie feit is aan De Pontes meegedeel toe hy reeds op 3.10.1986 navraag gedoen het oor die moontlike invoer van voertuie namens Palazzolo.
157. Ten spyte van die feit dat hierdie inligting aan De Pontes verskaf is, deel hy kort daarna Palazzolo se Switserse verteenwoordiger per teleks mee dat 'cars must be owned for at least 12 months by the persons concerned' en laat hy die gedeelte oor gebruik weg. Die vraag ontstaan onmiddellik of hy dit per incurium gedoen het en of hy dit gedoen het omdat hy geweet het dat Palazzolo nie aan daardie vereiste kon voldoen nie omdat hy in die gevangenis was. ¹⁹⁸⁸
158. Toe probleme om die invoer van die motors ontstaan het gedurende Maart 1987 het De Pontes 'n beëdigde verklaring ter ondersteuning van Palazzolo se aansoek gemaak. Hierin verklaar hy onder eed onder andere dat Palazzolo volgens sy eie kennis hom in Ciskei gevestig het. In 'n ander konteks is reeds aangetoon dat daardie stelling vals was.¹⁾ Verder sê hy in die beëdigde verklaring dat hy al die onderhandelings en aansoeke namens Palazzolo en sy gesin in Ciskei hanteer het. Dit, volgens sy getuienis,

1) Afd F

is ook vals. Om terug te keer na die onderwerp onder bespreking, sê hy verder dat 'na die beste van my kennis is elkeen van die betrokkenes derhalwe die eienaar van sy eie voertuig en was dit bona fide deur die betrokkenes in Europa gebruik voordat hulle na die Republiek van Ciskei vertrek het.'

159. De Pontes se eie kennis oor die verkryging van die eiendomsreg en die bona fide gebruik daarvan in Europa was natuurlik nul. Wat hy wel geweet het was dat Palazzolo in die voorafgaande jaar in die gevangenis was en die voertuig derhalwe nie vir daardie jaar bona fide kon gebruik het nie. Dit is opmerklik dat die feit dat Palazzolo in die gevangenis was en wat 'n relevante vraag om die gebruik van die voertuig vir die periode van 'n jaar was, in die verklaring verswyg is.
160. De Pontes regverdig sy optrede deur te sê dat hy nie eintlik aan die kwessie van frekwensie van gebruik gedink het nie. Verder regverdig hy dit deur te sê dat hy gedink het dat Palazzolo een maal per maand uit die tronk kon kom en dat hy gedink het dat Palazzolo op daardie geleenthede sy motor gebruik het. Aangesien Palazzolo nie eens op borg geregtig was nie en ook in die maksimum sekuriteitsgedeelte van die gevangenis was, word De Pontes se getuienis in hierdie verband verworp.. In ieder geval is sy getuienis deurspeks met teenstrydighede.
Aanvanklik het hy getuig dat hy afgelei het dat Palazzolo van tyd tot tyd uit die gevangenis gelaat is. Hy het besef dat nie almal van tyd tot tyd die gevangenis mag verlaat nie dat sy afleiding nie geregverdig was nie, blyk uit sy getuienis:

'U het reeds gehoor die getuienis dat hy op die 10de Desember in die semi-vry deel van die tronk daarheen verskuif is? --- Selfs waar hy aan die begin was, was oënskynlik redelik vry.

Nee meneer, nee meneer, ek was ook daar, dit is nie so nie. U het gister ook gesê dit is baie duidelik 'n tronk? --- Nee, ek meen selfs ...
(tussenbeide)

Ekskuus, ek val u in die rede, maar die deel van die mense wat kom en gaan, soos wat u gesê het, dit is heeltemal buitekant die hekke en die mure van die tronk. Dit is baie duidelik twee afsonderlike geboue? --- Daar is meer as een gebou maar presies wie waar is, kan ek u nie sê nie. Wat ek bedoel met vrylik beweeg, is dat hulle oënskynlik baie meer vryheid van beweging het as wat in ons gevangenis die geval is.
Agter tralies? --- Ja, natuurlik agter tralies, maar TV's is 'n bietjie snaaks in ons gevangenis.'

Dit blyk ook uit sy reaksie toe 'n koerantberig aan hom gestel is waarin hy na bewering sou gesê het dat Palazzolo bewegingsvryheid buite die tronk gehad het. De Pontes het die juistheid van die koerantberig in geskil gestel en gesê dat wat Palazzolo wel gehad het was relatiewe bewegingsvryheid in die tronk.

161. Die feit bly staan dat De Pontes roekeloos was. Hy het, sê hy, omdat Palazzolo 'n onsuksesvolle aansoek gedoen het om Bern toe te gaan, geglo het dat hy 'n relatiewe vry man in die gevangenis was. Die afleiding het van tyd tot tyd in 'n feit gekristalliseer. Een ding wat De Pontes nooit gedoen het nie was om Palazzolo te vra of hy die motor inderdaad gebruik het.

162. Deur mee te help aan hierdie valse voorstelling het De Pontes vir Palazzolo 'n bedrag van meer as R80 000 aan doeaneregte gespaar en het die staat 'n ooreenstemmende verlies gely.¹⁾
163. De Pontes se optrede word eers onverklaarbaar as in ag geneem word dat op sy vertoë aan die adjunk-minister ten aansien van Palazzolo se broer se voertuig het die adjunk-minister hom in twee brieve verwys na 'n bepaalde regulasie, nl opmerking 9 van die relevante bylae tot die wet. Daardie opmerking lui soos volg:

'For the purposes of item 407.04/87.00(i) the vehicle in question shall not be deemed to be personally owned and used personally by the importer unless such importer was, at all reasonable times, personally present at the place where the vehicle was used by him ...'

As De Pontes die paragraaf sou nageslaan het, soos hy versoek is om te doen, sou gevarklokkies onmiddellik gelui het. Hy ontken om onverklaarbare redes dat hy die brieve ter harte geneem het of die bepaling nageslaan het.

164. Ook in hierdie konteks is De Pontes se opinie so ver gesog dat dit nie as 'n bona fide opinie aanvaar kan word nie. Gebruik vir 'n jaar sluit vir hom in gebruik een maal per jaar en maak dit nie saak of die betrokke persoon die voertuig intussen mag of kan gebruik nie.

¹⁾ Vgl ook par 140

J. PALAZZOLO SE R S A VERBLYFPERMIT

165. Die Departement van Binnelandse Sake het op 23.12.1987 'n permanente verblyfpermit aan Palazzolo uitgereik. Die vrae wat beantwoording verdien, is of die aansoekprosedure behoorlik verloop het en, indien nie, wie daarvoor verantwoordelik was.
166. Soos reeds opgemerk, is Scheffer se getuienis verdag en kan daar nie op staat gemaak word nie. Soos reeds uit hierdie verslag blyk, is De Pontes se getuienis op soveel aspekte onaanvaarbaar dat mens hom beswaarlik heelwat kredietwaardigheid oor hierdie aspek kan verleen. Palazzollo, wat ook 'n rol gespeel het, was nie beskikbaar om sy rol te verduidelik nie. Aangesien Scheffer die departementele lêers gesteel het en die lêers nie beskikbaar is nie, is dit ook onmoontlik om te bepaal wat in die departement aangegaan het. Mens moet ten dele staat maak op die inhoud van De Pontes se lêer maar daardie lêer is nie volledig nie en is, volgens Scheffer, ten dele vervals. Hieruit volg dit dat die gevolgtrekking gebaseer moet word op erkende of andersins bewese feite.
167. Die aansoekvorms om permanente verblyfpermitte is deur Scheffer in Kaapstad voltooi aan die begin September 1987. De Pontes beskryf die gebeure soos volg in sy verklaring:

'Omstreeks Augustus 1987 het mnr Palazzolo my meegedeel dat hy al sy dokumentasie nou ontvang het, ook ten opsigte van sy finansiële posisie en dat daar derhalwe met sy aansoek ten opsigte van die R S A voortgegaan moes word. Gesien mnr Palazzolo se omstandighede wou ek verseker dat sy

aansoek behoorlik en met volle uiteensetting van die posisie gedoen word. Ek het mnr Johan Scheffer in hierdie verband genader. ... Ons hanteer, meesal in amptelike hoedanigheid, redelik gereeld navrae en/of vertoë met Binnelandse Sake en mnr Scheffer, wie by Binnelandse Sake werk, het met sommige van hierdie aangeleenthede gewerk en was altyd baie behulpsaam en doeltreffend. Mnr Scheffer wou met vakansie Kaapstad toe kom en het ingewillig om van sy vakansie te gebruik om behulpsaam te wees.

'Reëlings is vir mnr Scheffer se vervoer getref terwyl hy by vriende sou bly. Ek het hom gedurende die laaste week van Augustus, begin September 1987 in die Kaap ontmoet en na mnr Palazzolo se kantore geneem. Ek het mnr Scheffer aan mnr Palazzolo sowel as van die ander persone wie aansoeke gehanteer moes word, voorgestel. In mnr Palazzolo se teenwoordigheid het ek volledig sy posisie aan mnr Scheffer geskets. Mnr Palazzolo het kortlik aan my dokumente getoon wat hy gehad het en wat sy posisie uiteensit, wat onder andere ook polisiesertifikate ingesluit het wat aangedui het dat hy 'n skoon rekord het. Ek moes terug parlement toe om my pligte aldaar te vervul. Ek het die dokumente wat ek in my besit gehad het sowel as 'n dekbrief waarin mnr Palazzolo se posisie ten opsigte van Switserland, sy naamsverandering en die Ciskei volledig uiteengesit is en wat ek deur my kantore laat voorberei het, by hulle gelaat om met die aansoeke voort te gaan.

Mnr Scheffer was twee dae saam met mnr Palazzolo besig om die aansoeke voor te berei na wat hulle berig het is die aansoek van sy broer (en andere) ... eers voorberei en daarna die van mnr Palazzolo en sy twee seuns. Sovér ek onthou is

die ander aansoeke aan my kantoor deurgegee en by die Oos-Londen streekkantoor ingedien terwyl mnr Scheffer dié van mnr Palazzolo en sy seuns persoonlik Pretoria toe geneem vir inhandiging en prosessering by die Direkteur-generaal. 'n Afskrif van die aansoek deur hulle voltooi en deur mnr Palazzolo geteken, tesame met afskrifte van die meegaande dokumentasie, ook wat hy self verkry het, is aan my kantore vir rekorddoeleindes deurgegee.'

168. Wat De Pontes in hierdie verklaring verswyg, is onder andere die volgende:

- (a) Hy het self reeds in Junie/Julie 1986 soorgelyke aansoekvorms namens lede van Palazzolo se familie voltooi;
- (b) Hy self het volle inligting oor die prosedure om sodanige aansoeke by die departement se parlementêre verteenwoordiger bekom;
- (c) Hy is deur die minister meegeedeel dat wat addisioneel benodig word, is die rekord van die hofverrigtinge in Switserland;
- (d) Hy is ook meegeedeel dat hy die normale prosedure deur middel van die Direkteur-generaal moet volg;
- (e) Hy het betaal vir Scheffer se reiskoste Kaap toe en terug.

169. Sy verduideliking dat hy Scheffer Kaap toe laat vlieg het om die vorms in te vul omdat Scheffer 'n deskundige is, word verwerp as vals. Wat opval uit sy verklaring is dat Palazzolo en sy seuns se

aansoeke deur Scheffer Pretoria geneem moes word terwyl die ander op die normale wyse deur sy kantoor geprosesseer is. Die storie dat dit gebeur het omdat Palazzolo se aansoek lywig was, is ook onsin. Die seuns s'n was immers nie lywig gewees nie. Dieselfde geld vir sy storie dat hy nie die aansoekstukke gelees het nadat dit voltooi is nie: Hy sou immers vergoed word vir die hantering van die aansoek en hy het die dekbrief opgestel wat met die inhoud van die aansoek handel. Sy stelling dat afskrifte van die 'meegaande dokumentasie' na sy kantoor toe is, is of vals (omdat al die meegaande stukke nie in sy leers te vind is nie) of waar en het die meegaande stukke spoorloos verdwyn.

170. Scheffer het ook tydens sy besoek onder andere 'n goue ketting van Palazzolo bekom. Of hy dit afgepers, afgelieg of afbedel het, kan nie bepaal word nie. Waarskynlik was dit 'n kombinasie van voorgaande tesame met omkopery van Palazzolo se kant.
171. Scheffer het getuig dat die afskrifte van die vorms wat in De Pontes se besit gevind is, nie ware afskrifte van die aansoek was nie maar vervalsings wat De Pontes later opgestel het. Hierdie getuienis van Scheffer is opsigtelik vals. Sy relaas oor hoe ander dokumente, onder andere die vermelde dekbrief, ook 'n vervalsing is, moet dus ook verworp word.
172. Wat opmerklik van De Pontes se optrede is, is die feit dat hy vir hierdie belangrike opdrag 'n jong klerk in die departement gebruik het. Hy het geweet dat die persoon persoonlikheidsprobleme het. Dit is in skrille kontras met sy gewone werkswyse waar hy vir die geringste die

Direkteur-generaal of die relevante minister genader het. Toe hy die maklike vorms moes invul, skakel hy die departement se parlementêre verteenwoordiger of spreek hy die tydelike saakgelastigde omdat hy nie die ambassadeur kon kry nie (ek het nie vergeet dat De Pontes altyd 'n rede kon aangee waarom hy in die ander gevalle telkens die 'high road' en nie die 'low road' gevolg het nie). Toe De Pontes by 'n moeilike geval kom en hy reeds deur die minister gesê is wat om te doen, gebruik hy 'n departementele klerk en hy gebruik hom nie in die gewone loop van die persoon se diensopdrag nie. Daarbenewens finansier hy 'n groot deel van die persoon se vakansie-uitgawes.

173. Die volgende relevante stadium wat oorweeg moet word, is die goedkeuring van die aansoek deur die keurraad van die departement. Scheffer het getuig dat hy onvolledige stukke aan die raad voorgelê het. Hy het ook getuig dat die wyse waarop die raad funksioneer, sodanig is dat elke lid nie die stukke ter insae het nie, dat die klerk 'n voordrag lewer terwyl die voorsitter in besit is van die oorspronklike stukke. Die enigste afleidings uit sy getuienis is dat die wyse waarop die raad funksioneer die moontlikheid van bedrog vergemaklik en dat die lede van die raad nie werklik die aansoeke oorweeg omdat hulle nie die aansoeke self ter insae het nie maar bloot na 'n opsomming daarvan luister. Sedert Scheffer getuienis gelewer het, is die kommissie in besit gestel van 'n memorandum van die departement wat die voorgeskrewe prosedure voor die keurraad volledig uiteensit. As daardie prosedure gevolg word, behoort weinig probleme ondervind te word. Dit is natuurlik onmoontlik om voorschlag te tref om alle bedrog of vervalsings

te ondervang.

174. Aangesien die lêers weg is, kan nie bepaal word wat voor die raad gebeur het nie. Volgens Scheffer se eie getuienis het hy homself egter tydens die voorlegging skuldig gemaak aan vervalsing en uitgifte en bedrog.
175. Na die uitreiking van die permit het De Pontes bekommernyd geraak oor die inhoud van die lêer. In die proses het hy:
- (a) Scheffer versoek om die lêers uit die kantoor te Pretoria te verwyder en na Oos-Londen te bring sodat hy die lêers kan deurgaan. Hy sê hy het geglo dat Scheffer dit reëlmataig kon gedoen het. Weer eens word hierdie getuienis nie aanvaar nie. Ek laat my nie vertel dat 'n parlementslid en prokureur nie weet dat 'n klerk nie departementele lêers mag verwyder nie, veral waar die lêers konfidensiële lêers is. De Pontes sê hy het gedink dat Scheffer toestemming kon kry om die lêers te verwyder. Die probleem hiermee is dat De Pontes nie hoër as Scheffer wou gaan met sy navrae nie omdat hy bang was dat die aangeleentheid bekend sou word. As Scheffer op 'n hoërvlak toestemming moes kry om die lêers te verwyder, sou dit mos in ieder geval 'n suspisie veroorsaak het;
 - (b) vir Scheffer na Oos-Londen laat vlieg en die koste daarvan gedra;
 - (c) vir Scheffer onder 'n vals naam in 'n hotel laat inbespreek sodat Scheffer se besoek vir sogenaamde regse elemente nie sigbaar

sou wees nie;

(d) vir Scheffer se naweek hotelkoste van R520 betaal (waarvan hy 'n deel later teruggeeis het);

(e) vir Scheffer 'n Mercedes Benz motor geleen het vir gebruik oor die naweek.

176. Volgens Scheffer het hy die betrokke lêers aan De Pontes oorhandig en het laasgenoemde geweier of versuim om die lêers aan hom terug te gee.

Scheffer se getuienis dat De Pontes in besit van die lêers gestel is, word gestaaf deur die getuienis van mnr M Welz wat getuig het dat tydens 'n onderhoud De Pontes hom meegedeel het dat Scheffer die lêers aan hom oorhandig het maar dat sy sekretaresse mev Scholtz die lêers aan Scheffer terug besorg het. Sowel De Pontes as mev Scholtz ontken Welz se getuienis. Op geloofwaardigheid alleen sou ek Welz se getuienis bo die van Scheffer en Scholtz aanvaar. Daar is egter nie enige objektiewe feite waaraan sy weergawe getoets kan word nie en verkies ek om geen finale bevinding op hierdie aangeleentheid te maak nie. Wat wel vasstaan, is dat Scheffer die lêers gesteel het.

177. Volgens Scheffer het hy ook valse inligting in die departement se komper laat invoer. Dit was om aan te dui dat Palazzolo die land reëlmatig binnegekom het op 26.12.1986. Hy beskuldig De Pontes van medepligtigheid aan hierdie bedrog terwyl De Pontes dit ontken. Weer eens is ek nie in staat om 'n bevinding te maak aangesien ek slegs aangewese is op die getuienis van Scheffer wat om verskeie redes nie aanvaarbaar is nie.

K. DIE BEWEERDE VERVALSINGS

178. Palazzolo beweer dat De Pontes sy handtekening op 'n aantal dokumente vervals het. Dit is dokumente wat, volgens De Pontes, deur Palazzolo op 23.01.1988 en 6.02.1988 geteken het. Volgens die getuienis bestaan daar drie moontlikhede:
- (a) die handtekeninge wat op die dokumente voorkom, is Palazzolo se gewone handtekening;
 - (b) die handtekeninge is nie Palazzolo se gewone handtekening nie en Palazzolo het opsetlik nie sy gewone handtekening op die dokumente geplaas nie; en
 - (c) Palazzolo se handtekening is deur De Pontes vervals.
179. Volgens 'n beëdigde verklaring van kaptein Cloete, 'n deskundige op vervalsing, is drie van die vier betwiste handtekeninge vervalsings vanaf 'n voorbeeld van die egte handtekening en in die geval van die vierde handtekening kon hy nie tot 'n definitiewe gevolgtrekking geraak nie hoewel daardie handtekening moontlik ook vervals is. Die getuienis van Cloete is nie in geskil geplaas deur middel van kruisondervraging nie hoewel hierdie geleentheid aangebied is.
180. Geen moontlike motief wat Palazzolo daartoe kon beweeg het om nie sy gewone handtekening opveral die dokumente van 23 Januarie te plaas nie, is tydens die getuienis gesuggereer. Dat die handtekening nie Palazzolo se gewone handtekening is nie, kan die ongeoefende oog opmerk.

181. Die eerste dokument wat na bewering op 23 Januarie geteken is, is die beweerde ooreenkoms gedateer 21.09.1987. Volgens De Pontes se getuienis is hierdie ooreenkoms mondeling bereik op daardie dag en het hy dit in Januarie op skrif laat stel vir rekorddoeleindes. Die getuienis is onder verdenking wanneer die volgende in ag geneem word:

- (a) in sy verklaring van 4. 3.1988 sê hy die volgende:

'Die besigheid van die maatskappy is op baie infcrmele grondslag bedryf en my betrokkenheid was beperk tot na onderhandeling met derde instansies. Die meeste van die ooreenkomste was mondeling met die uitsondering dat diè ten opsigte van die bank- en radioregte (September 1987) asook die t o v die ontbinding van die maatskappy (Januarie 1988) kernagtig op skrif gestel is. Diè ten opsigte van die ontbinding van die maatskappy is op 23. 1.1988 (deur) mnr Palazzolo en myself te Franshoek onderteken ...'

- (b) Hy erken dat die gewone betekenis hiervan is dat die sogenaamde September ooreenkoms in September op skrif gestel is en nie in Januarie soos hy nou beweer nie.
- (c) Op 28. 3.1988 verklaar sy sekretaresse in haar tweede verklaring dat sy hierdie ooreenkoms in Januarie getik het. Daarna deel sy De Pontes mee wat in haar verklaring staan. Dit is gesuggereer dat De Pontes sy getuienis aangepas het om in te pas by mev Scholtz se beëdigde

verklaring.

- (d) Hoewel De Pontes volledige notas hou, is daar geen kontemporêre nota van hierdie ooreenkoms nie.
- (e) Die dokument is glo opgestel vir rekorddoeleindes. Dit was egter nie nodig nie. Die ander ooreenkoms wat 23 Januarie gedateer is, is in ieder geval deels 'n rekord van voorafgaande gebeure.
- (f) Volgens die dokument moes Palazzolo vir De Pontes R50 000 betaal. Hierdie skuld word uitgewis deur die lening wat De Pontes aan Palazzolo geskuld het. Hierdie lening het ook R50 000 bedra. Volgens De Pontes egter is sy R50 000 skuld afgewerk as direkteursvergoeding teen R5 000 per maand vanaf 1. 3.1987. Daar was dus 'n skuld van nie meer as R20 000 op die datum van die ooreenkoms oor nie. De Pontes se getuenis dat die lening teen 'n direkteursvergoeding moes afgaan, is ook moeilik te versoen met die bewoording van sy skulderkenning gedateer Augustus 1987.
182. Daar is dus rede vir 'n suspisie dat hierdie September dokument opgestel is ten einde De Pontes 'n kwitansie te verskaf vir die lening van R50 000.
183. Die ander ooreenkoms wat 23 Januarie gedateer is, en na bewering te Franshoek onderteken is op daardie dag is voor die tyd te Oos-Londen opgestel en getik. En dit bevestig volgens De Pontes se getuenis 'n mondelinge ooreenkoms gesluit gedurende November tot Desember 1987.

Dit strook nie heeltemal met sy verklaring van 4. 3.1988 waarin hy gesê het dat 'die ooreenkoms is op 23. 1.1988 gefinaliseer en kortliks op skrif gestel.' Die netto effek van die ooreenkoms is dat De Pontes bates gewaardeer in die ooreenkoms op R455 000 verkry sonder dat hy enige sent van sy eie geld daarvoor betaal het. Hierdie bates bestaan uit die luukse woning waarvoor Palazzolo ongeveer R350 000 betaal het en aansienlike verbeterings dan aangebring het, die Mercedes Benz wat ongeveer R80 000 werd was en 'n woonstel. Die verkoopprys van die woonstel moes egter mettertyd aan Palazzolo oorbetaal word indien en wanneer De Pontes sou kies om dit te verkoop en geld daarvoor te ontvang. Probleme oor hierdie ooreenkoms is die volgende:

- (a) Paragrawe 1. en 2 daarvan gee voor die geskiedenis van die besigheidsverhouding tussen De Pontes en Palazzolo op rekord te plaas. Die geskiedenis daar uiteengesit stem nie ooreen met De Pontes se getuienis om dieselfde punt nie.
- (b) Dit is moeilik om te glo dat Palazzolo so 'n ooreenkoms sou gesluit het tensy daar druk op hom was. Dit geld veral die term wat vir Rothbart sou bevoordeel gesien die verhouding tussen Rothbart en Palazzolo.
- (c) Die getuienis van Rothbart om die woonstel toon dat daar nie 'n voorafgaande mondelinge ooreenkoms kon gewees het soos deur De Pontes beweer nie.

184. Nadat Palazzolo op 31. 1.1988 gearresteer is, het De Pontes op 4 Februarie opdrag aan die ouditeur van die maatskappy gegee om die nodige aandeel

oordragte op sy naam te bewerkstellig. Die ouditeur het dokumente laat opstel wat teruggedateer is en voorgee op 31. 1.1988 geteken te wees. Volgens De Pontes het Palazzolo hierdie dokumente op 6 Februarie geteken. Dit is die oggend van sy vertrek onder polisie begeleiding na Switserland. Ten aansien van hierdie dokumente die volgende:

- (a) Indien die ooreenkoms van 23 Januarie in orde is, sal hierdie dokumente ook in orde wees want hulle dien bloot ter uitvoering van daardie ooreenkoms.
- (b) De Pontes het op 4 Februarie Palazzolo se tekenregte op die maatskappyrekening ingetrek. Dit kon hy doen in terme van sy ooreenkoms. Eienaardig genoeg hy het dit nie op daardie grond gedoen maar omdat Palazzolo volgens een of ander minister 'n internasionale misdadiger is, het hy dit in eie belang en in belang van die maatskappy gedoen.
LIVE FOR JUSTICE
South African History Archive • Since 1988
- (c) 'n Ander hoogs eienaardige optrede van De Pontes was om op daardie dag byna die geheel van die bankbalans van die maatskappy in sy persoonlike bankrekening oor te dra. Aangesien hy in beheer was van die maatskappy, waarom het hy dit gedoen?
 - Was hy bang dat Palazzolo nie die resolusie en bedanking op 6 Februarie sou teken nie?
- (d) Is dit toevallig dat hy eers na Palazzolo se arres en nadat dit geblyk het dat Palazzolo wel uitgelever sal word stappe geneem het om die ooreenkoms van 23 Januarie te laat uitvoer en dat hy eers op

daardie stadium vasgestel het by die Reserwebank of die aandele regmatig op sy naam oorgedra kan word?

(e) Dit is ook te bevraagteken of dit behoorlik was vir De Pontes om 'n oud-kliënt in die afwesigheid van sy nuwe prokureur in die gevangenis te besoek op so 'n dramatiese oomblik in die kliënt se lewe en hom te versoek om belangrike dokumente te onderteken. Dit is veral vreemd aangesien die nuwe prokureur Heyns deur Palazzolo 'n dag of wat vantevore gesê is dat die transaksie nie dit is wat De Pontes sê dit is nie en dat die transaksie nie deurgevoer sal word nie.

185. Om op te som: Die objektiewe feite neig om te toon dat De Pontes wel hierdie vier dokumente vervals het. Aangesien Palazzolo se getuenis op die punt egter nie beskikbaar is nie, sou dit verkeerd wees om 'n finale gevolgtrekking oor hierdie aangeleentheid te bereik. C E

HOOFSTUK 3

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

L. OMKOPERY EN KORRUPSIE

186. Uit die getuienis blyk dit dat daar gronde is om aan te neem dat omkopery en korupsie op twee vlakke kon plaasgevind het:

- (a) Die verskaffing van vergoeding aan Scheffer deur De Pontes en Palazzolo; en
- (b) die verskaffing van vergoeding oor landsgrense heen deur Palazzolo.

Laasgenoemde feitevraag kon uit die aard van die kommissie se bevoegdhede en omstandighede nie volledig ondersoek word nie en geen feitebevindings word gevolglik daaroor gemaak nie.

Die regsvraag wat egter ontstaan het in die konteks van hierdie kommissie se opdrag om die Alexander-kommissie se ondersoek af te rond en wat ook relevant is vir hierdie deel van die opdrag, is die volgende:

Indien 'n beampete van 'n vreemde staat deur 'n inwoner van die republiek omgekoop word, word 'n misdryf volgens Suid-Afrikaanse reg gepleeg?

Die aangeleentheid is volledig betoog en die kommissie is dank verskuldig aan advokaat S A Cilliers SC en advokaat F Kahn SC vir hulle behulpsame betoog wat onafhanklike navorsing prakties uitgeskakel het.

187. Omkopery is 'n gemeenregtelike misdryf. 'n Aanvaarde definisie daarvan is die volgende:

'bribery (as a bribe) consists in unlawfully and intentionally offering to or agreeing with a state

official to give any consideration in return for action or inaction by him in an official capacity.' (Hunt, S A Criminal Law and Procedure, bl 219).

Dit blyk al dadelik uit die definisie dat die omgekoopte 'n beampete van die staat moet wees en dat dit gaan om sy optrede in 'n amptelike hoedanigheid. Die misdryf het sy oorsprong in twee plakate van die State-Generaal van die Nederlande gedateer 1651 en 1715. Dit blyk duidelik uit die bewoording van hierdie plakate dat die verbod gerig is ter beskerming van die land se eie administrasie. Daar bestaan geen aanduiding dat dit ook gerig is op die beskerming van 'n vreemde land se administrasie nie. Inderdaad bestaan daar geen wysers wat daarop dui dat die gedefinieerde vraagstuk 'n vraagstuk was wat deur skrywers van die gemenereg oorweeg is nie. Op om te som, dit moet aanvaar word dat 'n vreemde staatshoof of 'n amptenaar in diens van 'n vreemde staat nie in die R S A omgekoop kan word nie. Vir doeleinades van hierdie verslag is 'n verdere analise nie nodig nie. Volledige betoog oor die aangeleentheid kom voor in bewysstukke M 13 en M 15.

ARCHIVE FOR JUSTICE

188. Aangesien die gemeenregtelike misdryf van omkopery eng omskryf is deurdat dit verg dat die omgekoopte 'n staatsamptenaar moet wees, het die wetgewer ingegrif. Die statutêre posisie het gekulmineer in die Wet op die Voorkoming van Korruptie No 6 van 1958. Hierdie wet skep sekere misdrywe wat soortgelyk is aan die gemeenregtelike misdaad van omkopery en bepaal dat by skuldigbevinding aan hierdie misdrywe die skuldige strafbaar is met die strawe wat regtens vir die misdryf omkopery opgelê kan word. Die wet gaan dan voort en definieer begrippe soos 'agent', 'prinsipaal', en 'vergoeding.' As gevolg van veral die definisies is die net wat hierdie wet stel van 'n wyer omvang as die gemeenregtelike misdryf. In 'n sin duplikeer hierdie wet die gemenereg.

189, in Deeglike analyse van hierdie wet tydens betoog voor die kommissie het gebreke aan die lig gebring wat daarop dui dat dit gepas sou wees vir die Suid-Afrikaanse Regskommissie om hierdie wet en die beginsels om omkopery te ondersoek en om aanbevelings in dié verband te maak. Enkele probleme met die wet kan op hierdie stadium uitgelig word:

- (a) Die titel (insluitende die lang titel) is onvanpas. Die wet voorkom nie korruptie nie. Dit straf korruptie. Mens sou, om konsekwent te wees, die Ontugwet die 'Wet op Voorkoming van Ontug' moes noem. Geen voorkomende maatreëls is in die wet vervat nie.
- (b) Die definisie van vergoeding is betekenisloos. Dit bepaal naamlik dat vergoeding 'ook waardevolle vergoeding van watter aard ook al' beteken. As aan die woordjie ook 'n betekenis geheg moet word, beteken dit dat waardeloze vergoeding (wat dit ook al mag wees) ook vergoeding onder die wet sal wees. 'Waardevolle vergoeding' is 'n vertaling van die Engelsregtelike begrip van 'valuable consideration.' Dit is 'n begrip wat heelwat probleme in die Suid-Afrikaanse regspleging skep en wat gerieflikerwys vermy moet word.
- (c) Die gebruik van die woordjie ook in die woord= omskrywings is dubbelsinnig. Soos reeds geïllustreer in die konteks van 'vergoeding' kan die woord moontlik niks bydra tot die definisie nie. Vergelyk R v Debele 1956(4) S A 570 A.
- (d) Dit is ook opvallend dat die begrip agent gedefinieer word as iemand wat by 'n ander in diens is of vir hom optree. As egter oorgegaan word tot persone in diens van die staat of soortgelyke organisasies, word persone wat vir die staat optree terwyl hulle nie in die staat se diens is nie,

nie uitdruklik betrek nie. Dit mag aanleiding gee tot die resultaat dat 'n persoon wat nie in diens van die staat is nie maar wel vir die staat optree nie gekorrumpteer kan word nie.

- (e) Indien die definisie vir 'agent' saamgelees word met die definisie vir 'prinsipaal', is dit argumeenteerbaar dat die 'agent' wat 'vir' iemand 'optree' 'n werknemer moet wees. As hierdie begrip egter 'n wye en onbeperkte betekenis het, is die res van die definisie van 'agent' natuurlik onnodig want al die genoemde kategorie tree 'vir' iemand op.
- (f) Vanweë die snelle konstitusionele ontwikkeling is alle relevante owerheidsorgane nie in die definisie vervat nie.
- (g) Alle regspersone is ook nie in die definisie ingesluit nie. Daar is slegs 'n verwysing na 'n maatskappy. 'n Beslote korporasie is byvoorbeeld nie ingesluit nie.
- (h) Die wet maak nie voorsiening vir 'n situasie waar 'n Suid-Afrikaanse agent in die buiteland omgekoop word om 'n onregmatige handeling plaaslik te verrig nie.
- (i) Dit is 'n ope vraag of sê 'n Duitser vir 'n Fransman in die R S A kan omkoop om 'n onregmatige handeling in sê Frankryk te verrig.
- (j) 'n Handeling verrig as gevolg van 'n korruptering word nie strafbaar gestel nie. As so 'n handeling wel strafbaar gestel word, sal dit die probleem in sub-paragraaf (h) ondervang.
- (k) Die wet bevat geen vermoedens wat die staat behulpsaam is by 'n strafregtelike vervolging nie. Gewoonlik is die enigste getuies die korrumpteerde

en die gekorrupteerde. Aangesien die een persoonlik so moreel blaamwaardig as die ander is, is die een nie 'n gewillige of geloofwaardige getuie nie. Dit mag gepas wees om 'n vermoede vergelykbaar aan dié vervat in art 245 van die Strafproseswet in die konteks van bedrog in te voer.

Die volgende moontlikhede kan oorweeg word:

- (i) Indien 'n agent 'n vergoeding beloof of gegee is deur iemand wat nie sy prinsipaal is nie, word vermoed dat die vergoeding nie in die gewone loop van sake beloof of gegee is nie, en
 - (ii) Indien vergoeding aan 'n agent beloof of gegee is en die vergoeding is nie in die gewone loop van sake beloof of gegee nie, word vermoed dat die beloning op korrupte wyse beloof of gegee is.
190. Om terug te keer na die basiese regsvraag. Interessante betoog oor die aangeleentheid is voorgelê. Dit is nie nodig om al die argumente te oorweeg nie aangesien een argument deurslaggewend is. Tensy so 'n persoon 'n agent van die vreemde staat is binne die definisiebepaling, is geen misdryf gepleeg nie. Hy kan slegs 'n 'agent' wees indien hy 'by 'n ander in diens is of vir hom optree.' Die 'ander' moet 'n persoon wees. Dit word duidelik uit die ondertekende Engelse teks wat 'agent' definieer as 'any person employed by or acting for another.' Die woord 'another' is 'n elipses vir 'another person.' 'n Vreemde staat is nie volgens die Interpretasiewet 'n 'persoon' nie. Dit is in ieder geval hoogs twyfelagtig of toe die wetgewer hierdie wet aangeneem het, daar hoegenaamd oorweging geskenk is aan die moontlikheid van die situasie onder oorweging.

Uit voorgaande volg dit dat, aan die hand van die gestelde feite, daar geen oortreding van hierdie

betrokke wet is nie.

191. Dit bring mens by die regspolitieke vraag of dit gewens is vir die R S A om in die algemeen die skoon administrasie van vreemde lande te bevorder. Klem word gelê op die algemeenheid van die vraag soos gestel aangesien die T B V C lande onafhanklik is in die oë van die Suid-Afrikaanse regering en reg. Dit is so dat die R S A 'n besondere noue verbintenis met hierdie lande het en dat die R S A hierdie lande finansieël steun. Om hierdie lande egter op 'n ander wyse te behandel by die beoordeling van die gestelde vraag sou inbreuk maak op hulle soewereiniteit.
192. Hierdie probleem het na aanleiding van die bekende Lockheed-skandaal die aandag van die Amerikaanse kongres ontvang. Spesiale wetgewing naamlik die 'Foreign Corrupt Practices Act 1977' is ingevoer. Ook het die V S A gepoog om deur middel van die V V O 'n internasionale konvensie oor korruksie oor landsgrense heen te laat opstel. Daarvan het niks gekom nie.
193. Die noodsaak vir die 'Foreign Corrupt Practices Act' is deur die betrokke senaatskomitee soos volg geformuleer:

South African History Archive - Since 1988

'Recent investigations by the SEC have revealed corrupt foreign payments by over 300 U S companies involving hundreds of millions of dollars. These revelations have had severe adverse effects. Foreign governments friendly to the United States in Japan, Italy, and the Netherlands have come under intense pressure from their own people. The image of American democracy abroad has been tarnished: Confidence in the financial integrity of our corporations has been impaired. The efficient functioning of our capital markets has been hampered.
Corporate bribery is bad business. In our free market system it is basic that the sale of products

should take place on the basis of price, quality, and service. Corporate bribery is fundamentally destructive of this basic tenet. Corporate bribery of foreign officials takes place primarily to assist corporations in gaining business. Thus foreign corporate bribery affects the very stability of overseas business. Foreign corporate bribes also affect our domestic competitive climate when domestic firms engage in such practices as a substitute for healthy competition for foreign business.

Managements which resort to corporate bribery and the falsification of records to enhance their business reveal a lack of confidence about themselves. Secretary of the Treasury Blumenthal, in appearing before the committee in support of the criminalization of foreign corporate bribery testified that: "Paying bribes - apart from being morally repugnant and illegal in most countries - is simply not necessary for the successful conduct of business here or overseas."

The committee concurs in Secretary Blumenthal's judgment. Many U S firms have taken a strong stand against paying foreign bribes and are still able to compete in international trade. Unfortunately, the reputation and image of all U S businessmen has been tarnished by the activities of a sizable number, but by no means a majority of American firms. A strong antibribery law is urgently needed to bring these corrupt practices to a halt and to restore public confidence in the integrity of the American business system.'

194. 'n Algemene wet ter voorkoming van korruksie oor landsgrense heen is egter nie aanvaar nie. Die betrokke Amerikaanse wet het ook eienaardighede wat die gevolg is van die federale grondwet. Die wet is beperk tot omkopery deur regspersone (skynbaar net maatskappye). Dit verbied ook slegs die omkoop van

vreemde amptenare en is nie van toepassing op die omkoop van vreemde persone wat nie in 'n amptelike hoedanigheid optree nie. Sekere bepalings met betrekking tot boekhoukundige vereistes is ook ingestel.

195. Volgens stukke voorgelê blyk dit dat hierdie wetgewing aan kritiek onderhewig is en dat daar drukgroepe is wat poog om hierdie wetgewing herroep te kry. Die basiese kritiek teen die wetgewing is die volgende:

- (a) Dit word gestel dat die wetgewing in die na-Watergate era ingevoer is en dat daar in daardie stadium 'n besondere begeerte was om enige sweempie van morele dekadensie uit te wis. Skynbaar is die siening dat hierdie wet 'n oorreaksie reflekteer.
- (b) Die effek van die wet is om die morele standaarde van die V S A op ander lande af te dwing. Wette op omkoop en korruksie word daar gestel deur 'n land om sy eie regering te beskerm. 'n Vreemde beampete het 'n plig teenoor sy eie land en teenoor daardie land alleen. Dit is nie die funksie van een land om die standaard van regering in 'n ander land te bepaal nie. Die moraliteit of onregmatigheid van 'n bepaling moet beoordeel word in die konteks van die beginsels wat in die betrokke beamppte se samelewning geld.
- (c) Geen ander land het soortgelyke wetgewing aanvaar nie en die Amerikaanse handelaars vind dit dus moeilik om op dieselfdevlak te kompeteer as wat sy buitelandse mededingers kan doen. Inderdaad kan die V S A skynbaar geen effektiewe besigheid in sekere gebiede bedryf nie.¹⁾

¹⁾ Sien Aanhangsel A

196. In die lig van hierdie uiteensetting is dit duidelik dat die besluit of die betrokke handelinge strafwaardig gestel moet word in die Republiek 'n politieke vraag. Die voor- en nadele van elke siening is hierbo opgesom. Oorweging moet ook daaraan geskenk word om sowel die gewer as die ontvanger van vergoeding gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik te stel teenoor die prinsipaal vir betaling van 'n bedrag gelyk aan die vergoeding en ook vir enige skade wat die prinsipaal mag gelyk het.



M. VERWYSINGS NA DIE PROKUREUR-GENERAAL

197. Uit die bevindings blyk dit dat heelwat misdrywe prima facie geïdentifiseer is. Soos aangetoon is die bevindings gemaak op 'n oorwig van waarskynlikhede.¹⁾ Dit word onvanpas geag om aan te dui op watter van hierdie bevindings 'n strafregtelike vervolging suksesvol kan wees. Ten eerste mag die nodige toelaatbare getuienis nie beskikbaar wees nie, ten tweede mag die toekomstige regspreker 'n ander gewig aan die getuienis heg, ten derde mag verwere geopper word wat tans nie geopper is nie en ten slotte mag so 'n aanduiding geïnterpreteer word as 'n aanwysing aan dieregspreker hoe om die saak voor hom te besleg. Die aanbeveling kan dus alleen wees dat hierdie verslag na die Prokureur-generaal verwys word vir oorweging vir die instel van strafregtelike verrigtinge.
198. Palazzolo: Daar is aangetoon dat Palazzolo waarskynlik skuldig is aan meerdere misdrywe. Misdrywe is gepleeg om sy binnekoms deurdat hy as 'n verbode imigrant die land binnegekom het en deurdat hy in hierdie proses bedrog gepleeg het. Hy het ook waarskynlik korruptsie gepleeg toe hy geskenke aan Scheffer gegee het. Bedrog is gepleeg om die invoer van sy motorvoertuig. In talle ander gevalle kan die aangeleentheid nie behoorlik opgeklaar word nie vanweë die feit dat hy nie kon getuig nie. Palazzolo dien tans gevangenisstraf in Switserland uit. Die inligting is dat die V S A en Italië sy uitlewering verlang. Aanduidings is dat die Switserse regering hierdie aansoeke teenstaan. Die oortredings in daardie lande gepleeg, is na

¹⁾ Sien par 6

bewering heelwat ernstiger as die misdrywe in die R S A gepleeg. Dit is dus onwaarskynlik dat hy uitgelewer sal word. Uitlewering kan ook nie geskied alvorens hy nie sy Switserse vonnis uitgedien het nie.

Ongelukkig kan gepaste stappe teen Palazzolo gevvolglik nie aanbeveel word nie.

199. Scheffer: Volgens Scheffer se eie getuienis het hy homself waarskynlik skuldig gemaak aan die diefstal van departementele lêers, korruksie, vervalsing en uitgifte en bedrog. Dit word dus aanbeveel dat die aangeleentheid na die Prokureur-generaal verwys word vir oorweging om kriminele stappe teen Scheffer in te stel.
200. Rothbart; Daar is prima facie aanduidings dat Rothbart homself skuldig gemaak het aan statutêre meineed, nie alleen deurdat sy vorige beëdigde verklaring en sy getuienis verskil nie maar aangesien sy getuienis voor die kommissie van oomblik tot oomblik wesenlik verander het. Dit is gevvolglik ook 'n aangeleentheid wat na die prokureur-generaal verwys behoort te word vir oorweging van moontlike kriminele stappe.
201. Robert de Lange: Daar is nie voldoende getuienis om tot 'n bevinding te kom dat De Lange homself aan enige misdryf skuldig gemaak het nie. Dat sy optrede en gedrag onvanpas vir 'n persoon met sy status in die samelewing as burgemeester en geregsbode is, staan vas. As hy homself nie op moreel afkeuringswaardige wyse wou verryk nie sou hy nooit betrokke geraak het in hierdie aangeleentheid nie.

202. Mev Scholtz: Hoewel Scheffer se getuienis haar betrek by meerdere misdrywe, is sy getuienis verwerp. Dit is so dat sy De Pontes aktief gehelp het met die korruksie van Scheffer maar in die lig van die feit dat sy as sekretaresse van 'n prokureur en L V opgetree het, kan nie bevind word dat sy die nodige wederregtelikhedsbewussyn gehad het nie. Dieselfde geld vir haar optrede toe sy vir Scheffer in De Pontes se opdrag onder 'n vals naam by die hotel inbespreek het. Geen stappe word gevolglik teen haar aanbeveel nie.
203. De Pontes: Meerdere misdrywe gepleeg deur De Pontes is prima facie geïdentifiseer.
Opsommenderwys:
- (a) 'n oortreding van artikel 5 ter (1)(a) van die Wet op Vreemdelinge 1 van 1937
 - (b) Bedrog (meerdere klagtes)
 - (c) Korruksie (meerdere klagtes)
 - (d) Diefstal van trustgeld
 - (e) Die versuim om trustgeld in 'n trustrekening in te betaal
 - (f) Meineed (meerdere klagtes).
204. Douw Steyn: Volgens Steyn se eie getuienis het hy bedrog gepleeg met die verskaffing van 'n vals getuigskrif. Hierdie aangeleentheid behoort ook na die Prokureur-generaal verwys te word vir oorweging van strafregtelike stappe.

N. DIVERSE VERWYSINGS

205. Doeane: Palazzolo het nie die korrekte doeane betaal op die invoer van sy voertuig nie. Die stukke moet na die kontroleur verwys word vir die moontlike verhaal van doeaneeregte.
206. Valuta: Daar is prima facie 'n aanduiding dat daar met fondse wat verkry is deur middel van finansiële rand anders as in ooreenstemming met Reserwebank goedkeuring. Dit word dus aanbeveel dat hierdie aspek na die monetêre owerhede verwys word vir oorweging om gepaste stappe in hierdie verband te neem.
207. Onprofessionele gedrag: Daar is prima facie bewys dat De Pontes in sy professionele hoedanigheid in meerdere opsigte onbehoorlik opgetree het en gevolglik word aanbeveel dat die verslag na die Prokureursorde verwys word vir 'n oorweging van bevindings en 'n moontlike gevolglike optrede.

ARCHIVE FOR JUSTICE

South African History Archive - Since 1988

O. DIE VERHOUDING MET CISKEI

208. Daar is prima facie 'n aanduiding dat die Ciskeiese president en Ciskeiese amptenare op so 'n wyse opgetree het dat dit die interstaatlike verhouding kan skaad. In hierdie verband word spesifiek verwys na die wyse waarop ondernemings ter verskaffing van permanente verblyf en burgerskap hanteer word wat in stryd is met die letter en gees van die ooreenkoms tussen die R S A en Ciskei en die feit dat 'n vervalsing aangebring is tot nadeel van die R S A.
209. Dit word aanbeveel dat oorweging daaraan geskenk word om hierdie aspek op diplomatieke vlak met Ciskei op te neem.



P. POLITIES-ETIESE AANGELEENTHEDE

210. Dit het geblyk dat De Pontes sy posisie as L V aangewend het ter verkryging van eie finansiële voordeel. Om te illustreer: Hy word in sy hoedanigheid as prokureur betaal om namens 'n persoon (nie eens 'n inwoner van die R S A) 'n aansoek om sê 'n visum te rig. Ter uitvoering van sy opdrag en met die oog die verdien van sy fooi, naer hy dan in sy hoedanigheid as L.V 'n amptenaar of minister. Dit plaas die amptenaar (selfs moontlik die minister) onder 'n ongewensde druk. So sê die saakgelastigde in die ambassade in Bern, mnr A A Brink, onder andere die volgende:

'Gegewe die bona fides van mnr De Pontes was daar geen rede om aan te neem dat hy die voorskrifte van die owerheid sou ignoreer nie, veral nadat die bepalings vir imigrasie aan hom verduidelik is en derhalwe is nie oorweeg om Palazzolo se naam op die voorbehoudslys te laat plaas nie.'

~~ARCHIVE FOR JUSTICE~~

